

at school with his brother.

And Howard Mabanga? -- In the beginning of March, I had a friend who lived in Timka Street and there I saw Howard Mabanga.

1965? -- Yes.

And Joseph Myati? -- Yes, I know him, not for a long time, from the drinking places.

You've known him from the drinking places, but not for a long time. For how long more or less? -- For about 4 years.

You say you are innocent of the charges with which you are now faced? -- I am innocent.

NO FURTHER QUESTIONS BY DEFENCE.

KRUISONDERVRAGING DEUR AANKLAER: Wys my jou bewysboekie.

-- My bewysboek het ek verloor net voor my arrestasie.

So met ander woorde ons het geen feite omtrent jou werksomstandighede nie. -- Die baas het in die boek geskryf, maar ek het die boek verloor.

Nou goed, kom ons probeer dan nou op 'n ander manier dit kry. Wanneer is jy uit die skool uit? -- 1957.

Het jy toe dadelik gaan werk? -- Ja.

Sê vir my waar het jy toe gaan werk? -- Industex.

Wanneer het jy toe omtrent daar begin? -- 1958 het ek daar begin werk.

Wanneer in 1958? -- Seker so omtrent in die middel van 1958.

Vir hoe lank het jy toe by Industex gewerk? -- Ek het nie 'n lang tyd daar gewerk nie. Ek het nie die volle van 1958 daar uit gewerk nie.

Met ander woorde voor die einde van 1958 is jy toe weer daar weg. -- Korrek.

Waar het jy toe gaan werk? -- Ek het toe so rond gewerk by die bouers, by die messelaars.

Van wanneer af? -- *So van die einde 1958 tot in 1959.*

Wanneer in 1959 omtrent? -- Ek is nie seker nie.

Miskien die begin van 1959.

So jy het dus nie lank die los werk gedoen nie. --
Nee.

En waar het jy toe gaan werk? -- Ek het toe aangesluit,
ek is toe na Welkom toe in die Vrystaat.

By die myne, né? -- Ja, ek het.

Jy het eers gewerk en vorms voltooi en so aan en toe
is jy myne toe. -- Korrek.

Hulle het selfs 'n voorskot aan jou gemaak. Onthou jy?
-- Nee, ons het op 'n tydperk van 6 maande gegaan nie vir
9 maande nie.

Toe wanneer is jy toe na die myne toe? -- In 1959
ek kan nie sê wanneer in 1959 nie.

Ja, maar jy kan min of meer vir ons sê. -- Ek reken
dit was so omtrent in die middel van die jaar.

Watter maand omtrent? -- Ek kan nie sê nie.

En het jy toe vir 6 maande op die myne gewerk? --
Ek is nie doodseker nie. Ek het omtrent 3 maande daar
gewerk toe het ek gedros.

Toe het jy sommer weggeloop. -- Ek is toe weer terug
na Port Elizabeth toe.

Dit wil sê dit was nog in 1959. -- Ja.

Dit wil sê nog voor die einde van 1959 né? -- Nog
voor die einde van 1959.

Het jy toe sommer dadelik weer begin om 'n werkjie te
soek? -- Nee, ek het nie dadelik werk gesoek nie. Ek
was so 'n rukkie by die huis gewees.

Hoe lank was jy by die huis? -- My bewysboek het
verloor.

O, dit is ook 'n gewoonte wat jy het. Maar in elk
geval hoe lank was jy toe by die huis wat jy nog gewag het
dat die bewysboek most opdaag? -- Nee, destyds toe ek
by die huis gewees het, het ek nog nie my bewysboek verloor
nie. Ek het my bewysboek gehad.

Hoe lank was jy toe sonder werk nadat jy van die myne

af gedros het? -- Tot in 1960 was ek by die huis.

Hoe lank was jy dan toe sonder werk? -- Ek kan nie sê met sekerheid nie. Dit was meer as 6 of 7 maande.

Niks gedoen nie? -- Niks gedoen nie.

Niks geld ook verdien nie? -- Ook niks geld verdien nie. Getuie sê hy het los werk gekry by die hawe. Hy kon nie na die Arbeidsdepartement toe gaan nie, want hy het gedros.

O, ek sien so in daardie tyd het jy by die hawe ook los werkies gedoen, nê? -- Los werkies gedoen.

Jy het nie by ander plekke los werkies gedoen nie? -- Daar is andere plekke, maar ek kan nie meer onthou waar hulle presies is nie.

Dink nou mooi terug. Miskien by die munisipaliteit of by die mark? -- Daar was nou los werkies, byvoorbeeld iemand daar by die lokasie het gevra ek moet sy huis gaan verf.

Nou wanneer het jy nou weer jou volgende permanente werk gekry? -- In 1960 ek het my bewysboek verloor. Ek het toe gaan rapporteer en toe is ek gearresteer en ek is weer terug gestuur na welkom toe.

Wanneer is jy terug gestuur na welkom? -- Dit was so die begin van die jaar. Ek is nie dood seker nie. Miskien was dit so in Februarimaand.

Toe is jy weer welkom toe. -- Ja.

Hoe lank was jy toe weer op welkom? -- Ek het toe daar omtrent 4 maande gebly en my kontrak wat ek geteken het, klaar gemaak.

En toe wat maak jy nou toe die kontrak verstreik het? -- Ek is toe terug na Port Elizabeth in 1960.

Dit wil sê so in die middel van 1960. -- Ek sal so sê. Miskien so hier in Augustusmaand.

En toe waar gaan werk jy toe of het jy toe weer 'n bietjie gerus? -- Ek het toe begin werk by Bantoe Administrasie en ek het die skole se dakke reg gemaak.

Wanneer? -- Kort na ek terug gekom het van Welkom af. Dit was omtrent so 3 weke, sê so September - Oktober het ek weer begin werk.

Hoe lank het jy toe op die dakke gewerk? -- Ek het daar gewerk tot 1961 as ek nie 'n fout maak nie.

Wanneer in 1961? -- So na die einde van 1961.

So jy het lank daar op die dakke gewerk? -- Ja, dit was 'n lang tyd.

Amper 1½ jaar. -- Dit was nog nie 'n jaar gewees nie, want die gewoonte is as jy 'n jaar werk, dan kry jy vakansie en ek het nog nie my vakansie gekry nie.

Jy sê jy het ongeveer September/Oktober 1960 by hulle begin werk. -- Ja.

So wanneer is jy toe daar weg? -- Dit was so na die einde van die jaar toe. Hy sê hy was toe nog nie geregtig op sy vakansie nie.

Toe bedank jy maar om vakansie te kry. -- Nee, die werk het opgeraak en my baas is toe weg Grahamstown toe.

Wat doen jy toe daarna? -- Ek het toe gaan aanteken by die Arbeidsdepartement in 1961 en die hele jaar is toe om en ek het nie gewerk nie.

Met ander woorde want jy op die dakke klaar was, tot die einde van 1961 het jy nie gewerk nie. -- Korrek.

En jy het niks geld verdien nie? -- Geld is nie so 'n probleem by ons nie. My pa werk en my suster verdien ook nog geld. En my ma het 'n besigheidjie gekoop, vis.

Ag maar regtigwaar, ek dink darem as 'n seun is jy darem seker skaam in die aand om jou kop so te laat sak en te sê ma, ek het vandag niks gedoen nie. Ma, ek sien my moeder moet haar afsloof want haar seun kan nie werk nie. Dan laat sak jy jou kop en die trans loop uit jou oë uit.

-- Ek kon nie werk kry nie. As ek kon werk kry sou ek dit gevat het.

Het jy nie so 'n los werkis nou en dan gedoen nie?

Miskien 'n dak geverf nie, 'n privaatdak? -- Nis in 1961

nie.

Jy het toe geen los werkies in 1961 gedoen nie? --

Ne. Nie vanaf ek nou opgehou het daar op die dakke, het ek nie los werkies gedoen nie.

Wat het jy bedags by die huis gedoen? -- Ek het rond geloop, partymaal na my vrymeise toe gegaan en partymaal stad toe gegaan.

O, jy stel belang in sex maar jy stel nie belang in jou werk nie. -- Ek is lief vir vroumense en werk.

Ja, maar as jy so in jou vrymeise se oë kyk het jy nie gedink aan jou moeder wat daar agter daardie viswinkel toonbank staan en haar afsloof vir jou nie? -- Ons mense dink nie baie oor sulke dinge nie.

Wie was toe jou vrymeise gewees? -- Daar was 'n hele paar gewees.

Noem vir my so 'n paar name vir interessantheids-onthalwe. -- Gladys, Sheila, Nomatamba.

Dit is drie. Dit is voldoende, dankie. En wanneer het jy toe weer besluit om permanent te werk? -- Ek het toe gehoor hulle vat mense aan by Industex en ek het daar begin werk vir 'n jaar.

19? -- 1962.

O, ek sien. Ons is nou by die tydperk wat die moeilikheid oor gaan. -- Ek sien ook so.

Ja, dit was nou heeltemal toevallig. En hoe lank het jy daar gewerk? -- Ek kan nie sê tot wanneer toe nie, maar daervandaan af is ek weg en het toe weer op die myne gewerk en van die myne af is na my suster toe.

Wanneer is jy daar weg? -- Verskoon tog daardie sin is verkeerd. Hy sê hy is nie gewerf soontoe nie, hy het met sy eie geld gegaan. Toe hy by sy suster kom het hy toe daar 'n man ontmoet en hulle twee het toe rond gegaan en sagte goedere verkoop.

Jy het besigheid gedoen in Johannesburg. Maar in elk geval sê nou eers vir my wanneer is jy by Industex weg?

--

-- Sover ek nou kan onthou, Juniemaand was ek alreeds op die Rand gewees, want dit was koud.

En waar was jou bewysboekie toe? -- Ek het my bewysboek by my gehad.

Het jy bedank by Lindustex? -- Nee, daar was soveel sake, Bantoe toordokters en goed, wat ek toe voor moes gaan na die Rand toe.

Het ander woorde jy het toe maar net weer daar weg geloop. -- Ja, ek het nooit kennis ingesit nie, ek het ook nie die laaste geld gekry nie.

Ja, dit is nou baie jammer maar in elk geval hoekom het jy toe nie vir hulle kennis gegee nie? -- Ek sal maar sê dit is oor die siekte wat ek aan gely het. Ek wou graag vandie siekte ontslae raak daarom het ek gegaan daar na Johannesburg na die Bantoe dokters toe.

Na die toordokter toe. -- Ja.

In elk geval hoe lank het jy toe sagte goedere in Johannesburg verkoop? -- Tot aan die einde van 1962 en in 1963 is ek toe gearresteer. Toe hulle my bewysboek sien toe het ek nie die reg gehad om daar te bly nie.

Het ander woorde jy het sagte goedere verkoop die helfte van 1962 tot die einde van 1963.

HOE: Wanneer is jy gearresteer? -- 1963.

AANKLAER: Wanneer in 1963? -- Daar Meer of Mei. 1963.

HOE: Maart of Mei? -- Ja.

AANKLAER: Het jy toe daar tronkstraf gekry? -- Ek het 3 maande gevangenisstraf gekry maar daar was 'n boete by, dit is deur my suster vir my betaal en ek is toe onder bewaking terug gestuur Port Elizabeth toe.

Wanneer het jy toe in Port Elizabeth arriveer? -- 1963.

Ag regtigwaar ek weet dit, maar jy behoort seker by nou al te weet dat ek graag die maand wil hê. -- Ek dink in Juniemaand 1963.

Toe wat doen jy toe jy weer hier terugkom? -- Toe ek in Port Elizabeth arriveer het, het ek na Industax toe gegaan en hulle het my bewysboekie afgeteken en toe is ek na die Arbeidsdepartement toe.

Het jy toe weer daarna gewerk? -- Toe het die Arbeidsdepartement my na die Novoboard toe gestuur.

Het jy daar gewerk? -- Ek het daar gewerk.

Watter maand het jy daar begin? -- Ek is nie te seker nie, ek dink omtrent die begin van Julie 1963.

Tot wanneer toe het jy daar gewerk? -- Ek het nie lank daar gewerk nie. Ek het daar gearresteer vir mes steek.

Wanneer is dit? -- 1963.

Luister, ek vra vir jou so mooi dat jy moet weet ek dink nou dit is 1963, maar ek wil vreeslik graag ook die maande hê. Watter maand in 1963? -- Ek weet nie of dit Augustus of Oktober was nie, maar my saak is uitgestel tot Novembermaand. Oktober is my saak toe uitgestel tot 24 November.

Het jy toe weer daarna gaan werk? -- Ek is toe ontslaan op daardie klagte. Ek het toe weer sangeteken op die myne, ek is toe Boksburg toe na die E.R.P.M.

Wanneer het jy daar begin? -- Daar het ek nou so 'n rukkie gewees, dit was op die einde van die jaar en ek het toe begin werk daar die begin van 1964.

Tot wanneer? -- Ek is nie dood seker nie, maar ek dink ek het my kennis ingesit op die 8ste van Augustus 1964.

Waarheen het jy toe gegaan? -- Ek is toe terug na die Rand toe. Ek het so 'n rukkie daar by my suster gebly.

HOF: Hoe lank het jy toe by E.R.P.M. gewerk? -- Van Januarie maand af tot by Augustus.

1964? -- 1964.

AANKLAER: Hoe lank was jy by jou suster? -- Ek het daar by haar gebly en ek het November 1964 terug gekom Port Elizabeth toe.

En nadat jy terug gekom het, lyk my, is jy gearresteer?

-- Na ek in Port Elizabeth arriveer het, het ek in White Road by 'n hotel gewerk.

Hoe lank? -- Drie weke het ek daar gewerk.

Toe is jy gearresteer? -- Ek is vanself daar weg.

Toe ek gearresteer is was ek werkloos.

Wanneer is dit? -- Maart 1965 is ek gearresteer.

Met ander woorde na jy by die hotel weg is, het jy nie weer gewerk nie. -- Nie weer gewerk nie.

Nou ek wil weer met jou bietjie praat oor daardie tydperk wat jy werkloos was. Jy weet, toe jy die drie vryseisies gehad het. Jy weet nou waarvan ek praat, nê? -- Ek weet nou van die tydperk wat die aanklaer van praat.

Waar het jy net voor dit gewerk? -- Dit was net na ek gedros het van die myne af.

In elk geval op die myne het jy gewerk soos 'n man. -- Ek was daar 'n tims keeper, ek het die mense se kaartjies gegee wat werk toe gaan.

Maar in elk geval jy het jou geld verdien, nê? -- Ek het my geld verdien.

En jy was onafhanklik. -- Korrek.

En dit is ook jou geloof of die Bantoe gebruik dat die seuns moet darem ook so 'n bietjie vir die oumense help finansieel. -- Korrek.

Ag, hulle stuur darem elke maand, al is dit nou net 'n paar sente, huistoe. -- Ek het ook gestuur.

Ja, want jy was jammer vir die oumense. -- Hulle het nie swaar gekry nie want ek het nie gereeld gestuur nie.

In elk geval jy het darem voldoen aan die vereistes van die Bantoe gebruike want jy voel hulle het darem ook hulle lewe in 'n groot mate vir jou opgeoffer. -- Korrek, ek het so gevoel dat daardie mense het my groot gemaak dat ek die krag het om te werk. Hy sê nou nog as hy werk gee hy vir hulle geld.

Ja, dit is soos dit 'n goeie seun betsaam. Jou ouers

bly steeds 'n kleinood. -- Korrek.

Toe kom jy nou terug van die myne af en jy is sonder werk. -- Ja.

Jou ma en jou pa is beide oud en afgaleef. -- Hulle is nie so oud nie. My pa werk vandag nóg.

Ja, maar hulle was beide oud geweest. -- Grootmense.

Hulle werk al hulle hele lewe lank. -- Toe ek maar my verstand kom kry toe werk hulle.

Ja, hulle is ook al moeg en der dagen sat. -- Nee, wat ek weet nie, want ek is nie altyd by die huis nie. My ma werk, sy het haar besigheid en sy werk.

Maar hulle wil ook graag 'n bietjie ophou werk om te ontspan en te rus, jy weet. Is dit nie so nie? -- Dit is so.

Enige mense verwag om eendag op te hou werk. -- Korrek.

En toe kom jy by die huis en moet jy in die oggend sien dat die twee oumense vroeg opstaan om werktoe te gaan. -- Ja.

Dan kom hulle miskien in die aand laat terug, moeg gewerk. -- Die besigheid van die visverkopery van my ma, sy gaan nie uit om dit te doen nie, sy verkoop dit hier by haar huis. My pa werk daar in die lokasie, hy kom so 4 - 5 uur by die huis.

Altwee moeg in die middag. -- Nee, darem nie so moeg nie.

Hulle is darem moeg. Foeitog, hulle is oumense, nie meer jonk vol vitaliteit en krag nie. Is dit reg? -- Dis reg, die murg is nie meer te jonk in hulle bene nie.

En as jou vader en jou moeder in die môre begin werk, dan lê jy nog onder die kombers. -- Dis nie so nie.

Maar jy sit hande gevou by die huis. Jy werk nie, jy verdien nie. -- Hy sê hy het nie daar gelê en slaap nie, hy staan op. Somsyds as sy pa werktoe gaan dan werk hy al in die tuin of hy maak tuin en hy werk.

By julle huis? -- By ons huis.

Maar jy bring niks finansieël in nie. -- Daar is geen inkomste nie, en hulle weet ook ek het nie 'n inkomste nie, want ek werk nie.

Ja, en dan moet hulle darem nog so nou en dan vir jou 'n ietsie gee, miskien 'n pakkie sigarette. -- My pa is 'n reguit man, dis nie dinge wat hy van hou daardie nie.

En jou ma? Die moeder is mos gewoonlik die een wat die sagte plekkie vir die seun het. -- My pa is die persoon wat vir my geld gee as ek vir haar geld vra.

Daardie tydperk ook? -- Ja, die vroumense is gewoonlik sag van hart.

En in daardie tydperk het jou ma jou ook sou nou en dan onderlanges stillietjies vir jou 'n paar sjielings gegee.

-- Ja, my ma gee vir my as my vader al werk toe is.

In elk geval dan vat jy daardie swaarverdiende geld van jou moeder, dan gaan spandeer jy dit op die meisies.

-- Mens doen nie sulke dinge nie. Jy mors dit nie.

Jy mors dit uit met die meisies, of wat maak jy as jy met die meisies deurmekaar is? -- Ek mors dit nie.

In elk geval in daardie tyd het jy ook baie vrymeisies gehad. -- Nie die hele lokasie nie, maar ek het 'n goeie klompie gehad.

Ja, ek verwag darem nie die hele lokasie nie, alla mastig, jy werk mos darem nie vir die munisipaliteit nie. Maar in elk geval, jy het baie tyd gehad om te bestee aan jou vrymeisies. -- Tyd gehad, as ek wil gaan dan gaan ek na hulle toe.

Maar as 'n jong sterk man, het een ding jou al daardie maande gepla. 'n Man met eergevoel, het iets jou tog gepla. As 'n groot seun in die huis, het iets ernstig jou tog gepla en dit is dat jy in jou moeder se oë moet kyk vir 'n paar sjielings en dat sy daarvoor moet werk, as jy self nie werk nie. -- As ek geld het, gee ek ook vir my ma.

Ag nee, jy het vir ons vertel jy het geen geld daardie tyd verdien nie. Ek praat nou van daardie tyd. --

Kyk, as jy vriende het en hulle werk, gee hulle ook vir jou geld.

Ja, maar my argument is jy het tog sleg gevoel dat jy nie vir jou ouers ook 'n paar sjielings kon gee nie.

-- Hulle werk.

Ja, maar jy as 'n groot seun, het nie gewerk nie. Is dit nie so nie? -- Hulle het nie honger gely in daardie tyd nie.

Nee, maar nogtans.. -- Want ek het twee susters. Een is in die Kaap, die een is op die Rand wat vir hulle geld stuur.

Hulle stuur geld, hulle is vrouens. Hulle is die swakkere geslag, die geslag vir wie die man moet leiding gee. 'n Vrou veral in die Bantoe gebruik is baie min werd as sy eers getroud is. Is dit nie so nie? Kyk, dan is daar mos nie meer lobola te betaal nie. -- Kyk, sy is mos lief vir haar ouers, sy stuur geld.

Maar hulle is vrouens. 'n Vrou is tog nie op dieselfde vlak as die man nie. Is dit so? -- Korrek, maar hulle stuur geld.

Hier staan jy, as 'n man by die huis. Jy knip die haining en jy vry met die meisies en jy kan ook nie vir jou ouers 'n ietsie bydra nie. Jy as 'n man, en jou susters dra by. Het jy nie sleg gevoel nie? Het jy nie skaamte in jou nie? Is jy dan 'n dier wat nie gevoel het nie? -- Ek het so effe sleg gevoel maar nie te veel nie, maar hoe kon ek nou anders maak, my bewysboek is nou verloor. Die bewysboek het nog aangedui die kontrak by die myne, hy was nog nie verstreke nie.

Die ding het jou gepla. -- Dit het my gepla, maar hoe kon ek anders maak.

Dit het jou in die eerste instansie gepla dat jy 'n kontrak gebreek het. Is dit so? -- Dit is so.

Dit het jou gepla dat jy moontlik gearresteer kan word vir kontrakbreuk. -- Ja.

Dit het jou gepla dat die tyd moet asseblief omgaan dat jy kan werk. -- Ja, ek wou gaan werk na daardie tyd verstreke is.

Maar jou hande was absoluut gebind, jy kon nie werk nie, want daardie boekie van jou was nie reg nie. -- Korrek.

Jy het gesmag na werk om net jou eie geld te verdien en nie langer, om onafhanklik te wees. -- Daar by ons is dit nie so nie. As jy kan die bekommernis op ons gesigte lees, want jy kry kos by die huis en jy kry alles by die huis.

Maar die hart wat niemand kan sien nie, vreet soos kanker. -- Ek sou sê dis korrek.

Ja, niemand kan dit sien nie, maar binne maak dit seer. -- Darem nie so seer nie.

Maar dit maak seer. -- Daar is baie wat nie werk nie. Ek is nie die enigste een wat werkloos is nie.

Ag nee, maar jy is darem tog nie 'n ruggraatlose wurm om na ander mense te kyk om jou eie gewete te sus nie. -- Ek is nie so nie.

Nouja, jy wil net vreeslik graag dat jou boekie in orde moet wees sodat jy weer kan gaan werk. -- Dit is so.

As jou boekie in orde is sal jy dadelik gaan werk. -- As my boek vandag in orde was sou ek vandag gaan werk het.

Ja, en toe jou boekie in orde was, het jy toe dadelik gaan werk? -- Ek het gaan rapporteer en gesê my boekie is verloor. Toe vang hulle my toe stuur hulle my terug Welkom toe.

Nee, maar ek praat mos nie van daardie tydperk nie, ek hoop nie so nie. Ek praat van die tydperk net voordat jy by Industex begin werk het, daardie maande, met die drie meisies. -- Hy sê nou verstaan hy, maar hy sê die aanklaer moet onthou daardie tyd wat die aanklaer van praat wat hy die vrymeisies gehad het, hy sê dis nie die enigste tyd wat hy hulle gehad het nie, hy sê hy het voor daardie tyd ook vrymeisies gehad.

Het voordat ons verder gaan, kom ons vergeet die vrymeisies, maar ek het nou vir omtrent 'n uur lank gepraat oor die tydperk voordat jy by Industex begin werk het.

-- Korrek.

Praat ons van dieselfde tyd? -- Ek het gemeen dis daardie tyd wat u gesê het voordat ek by Industex gewerk het. Daar is baie tye wat ek nie gewerk het nie.

Ek praat van die tyd voordat jy by Industex begin werk het en niks anders nie. Ek het jou spesifiek daarna verwys.

-- Ek het toe mos al lankal terug gekom van die myne af.

Wat is my vraag? Praat ons nou van die tydperk voordat jy by Industex begin werk het of nie? -- Daar is nou twee tydperke wat ek nie gewerk het nie. Na ek van die myne af gekom het, het ek nie gewerk nie en toe het ek die dakke gewerk en na dit was daar ook 'n tydperk wat ek nie gewerk het nie.

Waarvan het ek nou met jou gepraat? Oor watter tydperk? -- Ek het gedink die Anklaer vra my oor die tye wat ek nie gewerk het nie.

Nee, ek het heel aan die begin vir jou gesê -- Gevra van die tyd wat ek nie gewerk het nie en van die vrymeisies.

Ja, onthou jy toe jy van die vrymeisies gepraat het, of wil jy hê ek moet hierdie ding vir jou terugspeel? -- Ek onthou daarvan.

Nouja, het jy nou wat jy nou vir my gesê het oor hierdie uur amper, het dit betrekking op daardie tyd of nie? -- Nee, die tydperk wat ek van praat is na die tydperk wat ek gedros het van die myne af. Nie die tydperk voor ek by Industex gewerk het nie.

Het ander woorde jy het nou 'n klopp foute gemaak. Is dit reg? Jy het nie die vaagste benul hoegenaamd, waarvan jy praat nie. -- Hy stel daarby, hy sê hy het miskien die Anklaer verkeerd verstaan.

Wil jy hê ek moet weer die ding vir jou terugspeel?

Ek het met jou baie mooi gepraat en vir jou baie mooi duidelik gestel. As ek nou 'n uur gemors het, dan weet ek nie so mooi nie. -- Ek wil nie graag hê die plaat moet terug gespeel word nie. Die aanklaer het my gevra en die tydperk, ek het nou net die verkeerde tydperk het ek geantwoord.

Hoekom was jy sonder werk voordat jy by Industex begin werk het? -- Ek het toe daar gaan bou by die Bantoe Education.

Hoekom was jy sonder werk? -- Ek kon nie werk kry nie.

Toe het jy geteer op jou ma en jou pa. -- Korrek.

En jy was deurmekaar met meisies die hele Bantoe dorpsgebied deur. -- Ja, al tyd het ek vrymeisies, met my werkstye het ek ook vrymeisies.

En jy moes vir jou ma geld vra. -- As ek werk of nie werk nie, maak nie saak nie, ek vra geld by my ma.

Het jy daardie tyd los werkies gedoen of nie? -- Nee, niks.

Niks. -- Niks.

Jy het niks geld gehad nie. -- Ek het nie geld gehad waarvoor ek gewerk het nie.

Niks. Jy moes by jou ma geld kry. -- Ja, ek het gevra by my ma en ek vra by my ooms en ek het vriende ook.

So jy was 'n bedelaar. Gee vir my gid, ek kom om van honger, want ek het nie geld om iets mee te doen nie.

-- Ek vra nie so nie.

Ja, maar jy het inderdaad gebedel. As ek geld vra dan bedel ek. -- Ons neem dit nie so op dat 'n persoon is 'n bedelaar as jy nie werk het nie, kan jy geld vra by ander mense.

Ons is natuurlik altyd anders, jy weet. Enige moontlike ongemaklike situasie waarin ons kan beland, dan maak ons ons eie wette en gebruike. En dan wil ons die witmense doodmaak en hulle land oorneem. In elk geval, die om-

standighede teenoor jou ouers wat ek netnou aan jou geskets het, was ook van toepassing gedurende hierdie tydperk. -- Ja.

En jy wou net graag werk kry om weer onafhanklik te wees van jou ouers. -- Ja.

En toe het hierdie werk by Industex soos 'n stemroeping in die woestyn gekom. -- Ek het persoonlik self gegaan en ek het werk gekry.

Ja, maar jy was dank die vader bly om daardie werk te kry om van jou ouers onafhanklik te wees, die oumense. -- Ek was bly.

Dit is 'n groot las van jou skouers afgehaal. -- Ek het geen las op my skouers gehad nie.

Was jy nie skaam vir jou ouers gewees dat jy nie werk en nie kon bydra nie? Jy het mos reeds gesê. -- Hulle het geweet die omstandighede wat ek by die huis gelê het.

Ja, net nie werk gehad nie, jou boekie in orde en jy het nie werk nie.

HOF: Was jou boekie in orde? -- Ja, die boekie was in orde. Ek het werk gesoek.

AANKLAER: Vir hoeveel maande? -- Voor ek by Industex daardie werk gekry het.

Vir hoeveel maande? -- Ek kan nie sê vir hoeveel maande nie.

Lank? 'n Hele paar maande? -- Ek is omtrent so in Augustusmaand so daar, van hierdie dakbesigheid af.

En wanneer het jy by Industex begin? -- Januarie 1962.

Met ander woorde jy was omtrent vier maande sonder werk. -- Ek kan dit nie ontken nie.

Houja, toe jy nou by Industex begin werk, toe voel jy nou weer heeltemal verlig. Jy het vir so lank werk gesoek en hier het jy dit nou gekry. -- Reg.

Toe kan jy weer jou verpligtinge nakom. -- Nee, ek was darem nou nie so hardop nie. Ek kon doen wat ek wou doen.

Sonder geld ook? -- Sonder geld en met geld.

Toe kon jy weer jou ouers en jou susters en jou vriende weer vierkantig in die oë kyk, want jy is nou self 'n man wat werk. -- Ek was ook nie skaam om my ouers in hulle oë te kyk daardie slag wat ek werkloos was nie.

Dit lyk my jy het geen skaamte in jou nie. -- Ek het skaamte in my.

Kry jy nie skaam om vir jou ouers geld te vra om aan die lewe te bly of om te rook nie? Is jy dan so koud soos 'n klip? Sonder gevoel soos 'n wurm? Het jy geen gevoel nie? -- Ek is nie so nie.

So, ja, dan het jy slag gevoel teenoor jou ouers, is dit nie? Sê jy nee? -- Nee, hulle weet waarom ek nie werk nie, is omstandighede. Is nie omdat ek nie wil werk nie.

Maar toe jy die werk kry toe is jy dankbaar bly. -- Ja, ek is toe bly want ek het mos werk.

HOF VERDAAG.

21 JUNIE 1965.

AANKLAER: (Vervolg): Nou, toe ons laas besig was, was daar nou 'n onderbreking van die naweek. Jy sal onthou dat Vrydag het ek met jou gehandel oor die tydperk voordat jy by Industex begin werk het. -- Ek onthou.

Toe het jy vir ons gesê dit het jou gepla dat jy die tyd sonder werk was en jy was dankbaar dat jy die werk by Industex gekry het. Nou, is die posisie dat ek het nou met jou begin vanaf die dag wat jy begin werk het. En jy het vir my die tydperke gegee wat jy by elke firma gewerk het van die dag wat hy begin het. Onthou jy? -- Ek onthou.

Nou jy het vir my gesê dat somtyds was jy nie seker van die presiese maand waar jy daar begin werk het nie.

-- Korrek.

Maar jy kon my darsen *elke werkskring beskryf en min* of meer die tyd wat jy daar werksaam was. -- Korrek.

Oor die hele tydperk. -- Korrek.

Nou wil ek jou die vraag pertinent stel hoe was dit moontlik dat jy vergeet het dat jy daardie tydperk by Industex gewerk het? -- Omdat ek in 1962 na die Rand toe was.

Ja, maar dit is nie 'n voldoende rede myns insiens nie. Die posisie bly tog steeds dat jy het by Industex vir ongeveer 5 - 6 maande gewerk. -- Ek het vergeet hoe lank.

Jy weet vandag hoe lank. -- Nee, ek weet tot vandag nog nie hoe lank nie.

Hoe lank skat jy? -- Soos ek dit nou uitwerk omtrent in Junimaand is ek daar weg, want in die hartjie van die winter het ek op die Rand aangekom.

Nouja en jy het daar Januarie begin. -- Ja.

Nou goed, dan weet jy mos min of meer die tydperk wat jy daar gewerk het. -- Ek het die tydperk vergeet, maar nou na hierdie mense van Industex getuienis afgelê het, nou het dit weer terug gekom na my toe.

Wanneer het dit na jou toe terug gekom? -- Die dag wat hierdie mense hier getuienis afgelê het.

Nou goed, jy onthou vir Midnight? -- Ek onthou hom.

Jy ken hom? -- Ek ken hom omdat ek na Industex toe gegaan het en daar onder hom gewerk het.

En jy ken vir Midnight al lank. -- Nie te lank nie.

Hoe lank dan? Sê vir my asseblief. -- Ek het hom geleer ken na sy suster van Connickerstraat af na Jabawu straat getrek het.

Watter jaar is dit? -- Ek is nie seker of dit 1959 of 1960 was nie.

Nou goed jy het hom geken voordat jy by Industex begin werk het. -- Ek het hom geken.

Toe Midnight nou die dag in die getuiebank geklim het, was hy nie vir jou 'n vreemde man nie. -- Toe was hy nie 'n vreemde man nie.

Toe Midnight die getuienis aflê het jy daarvoor gedink.

-- Ek het gedink oor die getuienis wat Midnight afgelê het.

En dit het nie baie geneem om jou geheue te verfris nie.

-- Party dinge wat Midnight gesê het, het dit lank gevat om te onthou, maar een ding wat Midnight gesê het hy is familie van my deur die stamnaam Gadeba, maar hy is nie familie van my nie, ons het nie een naam nie.

Maar in elk geval toe Midnight nou gê dat jy daar gewerk het by Industex, was dit maklik gewees om jou geheue te verfris. -- En toe daardie ander mense ook nou kom getuienis afgee, toe het ek nou onthou Midnight praat die waarheid.

Nee, maar al wat ek nou van praat is jou geheue, want jy moet vandag ruitelik erken dat jou geheue is nie te sleg nie. -- Ek is nie te goed nie, maar ek onthou darem.

En toe Midnight sê jy het by Industex gewerk en dat jy daarna na die goudmyne toe is of na die Rand toe is, toe het jy onthou. -- Ek het onthou.

En jy was seker. -- Ek was nie te seker gewees nie.

Nou ek wil nie weer deur die hele storie gaan nie, maar ek wil dit aan jou stel en ek wil dit argumenteer ook as ek die Hof toespreek dat jou geheue kan nie te sleg wees nie, want hy het vir ons vertel vansf die tydperk wat jy uit die skool uit is, vertel presies waar jy gewerk het en min of meer die tye waar jy gewerk het. Daarvolgens alleenlik sê ek is jou geheue nie te sleg nie. -- Soos ek netnou vir die Hof gesê het, daar kan plekke wees waar ek foute gemaak het, party plekke het ek miskien die onwaarheid vertel en party plekke het ek die waarheid vertel.

Maar in elk geval toe Midnight in die getuiebank gaan het jy onthou. Onthou dat hy wel by Industex gewerk het.

-- Hy het nie saam met my gewerk nie.

Dit maak nie verskil nie, hy het vir die Hof vertel waar jy gewerk het. -- *Hy het vir die Hof vertel.*

Het jy toe besluit maar die man kan moontlik reg wees?

--

-- Ja, maar ek was nie seker nie.

Het jy jou advokaat toe so ingelig? -- Ja.

Toe die eerste getuie van Industex getuienis gegee het, toe was jy seker. -- Ja, ek was toe seker dat hy die waarheid gepraat het.

En het jy toe jou advokaat so ingelig? -- Ja, toe daardie skriftelike bewyse kom.

Ja, maar kom ons gaan net vir 'n oomblik terug na Midnight. Onthou jy die vrae wat jou advokaat aan Midnight gestel het? -- Ek onthou.

Onthou jy dit het voorgekom as sou jou advokaat die woorde van Midnight in twyfel getrek het? -- Ek weet nie, maar soos ek gesê het, ek glo dit.

Kyk, jy het tog die prosedure gevolg. -- Met tye het ek verstaan, met tye het ek nie verstaan nie, want my hart is seer dat ek 'n beskuldigde is in die beskuldigebank.

Ja, jy verstaan in die eerste instansie Engels. -- Nie te goed nie.

Maar jy praat hom darem. -- Ja.

En jy verstaan darem Xhosa. -- Ek verstaan Xhosa.

En dit is jou moedertong. -- Ja.

En dit is daardie tale waarin hierdie verhoor omtrent tot dusver gevoer was. -- Reg.

Nou ek wil nie weet wat jy vir jou advokaat vertel het nie. Dit is gepriviligeerde inligting maar ek wil dit net aan jou stel dat jou advokaat handel slegs op instruksies. -- Korrek.

En ek wil dit verder aan jou stel dat jy nie vir jou advokaat die waarheid vertel het nie. -- Ek het 'n fout gemaak oor 1962.

En toe jy vir Midnight gehoor het, het jy nie vir jou advokaat ingelig en vir hom gesê, mnr. die advokaat, Midnight is moontlik reg nie. -- Ek was toe nou nie seker nie, maar ek was nou baie seker toe nou na hierdie *ander* getuies getuienis afgelê het.

Maar jy het nie vir jou advokaat die waarheid vertel nadat Midnight getuienis afgelê het nie. -- Nee, ek het my advokaat ingelig nadat daardie ander twee getuies getuienis afgelê het.

Want jy het nog nie geweet watter verdere getuienis die Staat gaan lei nie. -- Dis nie dat ek nie weet hoeveel nie, maar ek het vergeet.

Ja, jy het bly kleef aan die hoop dat die Staat dit nie sal kan bewys nie. -- As ek gehoor het in die eerste plek van Industex, dan sou ek my advokaat gesê het daarvan.

Ja, ons sal nie daarop verder ingaan nie, dis maar vir argument, maar kom ons vat die eerste getuie van Industex. Toe hy met die boeke kom, toe is jy absoluut seker daarvan. -- Ja.

En ek wil dit nou weer aan jou stel dat nadat daardie getuie getuienis afgelê het, het jy nog nie vir jou advokaat die waarheid vertel nie.

DEFENCE: Your worship will remember that when I cross-examined these two witnesses from Industex, I put it to them that they were not telling the truth. I was simply testing their memories. I think I should record that at this stage. I didn't deny their statements, I simply tested their stories. I was concerned to satisfy myself firstly, that the first witness did, in fact, have personal knowledge of the information recorded in the two exhibits that were handed in, 1 and B and with the second witness I simply tested him in a general sort of way but your worship will recall that I didn't deny their versions.

AANKLAER: Vandat dit bekend geword het dat jy 'n alibi het, met ander woorde dat jy op die Rand was gedurende daardie tydperk, het jy deurgaans gehoor dat hier word gepraat van getuienis roep om dit te weerlê deur die Staat. -- Ek het gehoor.

Het dit nie jou geheue verfris nie? Was dit nie vir jou 'n aanduiding dat die Staat wel van die teenoorgestelde

mening toegedaan is nie? Maar jy was bereid om te sit en luister hoedat daar van Midnight 'n leuenaar gemaak word, terwyl dit moontlik waar kon wees, volgens jou self en indien die Staat nie die verdere getuienis geroep het nie, sou jy nie 'n woord gepraat het nie. Is dit reg? -- Ek sou dit gesê het.

Ek wil net vir jou verder verduidelik. Ek wil nie vir 'n oomblik hê jy moet dink dat ek die integriteit van jou advokaat in twyfel trek hoegenaamd nie. Hy handel slegs op instruksies en daardie instruksies kry hy van jou en jy weet wat die instruksies is want hy vra die vrae aan die getuies en die Hof hoor dit. Dit was nie heeltemaal regverdig teenoor Midnight nie, was dit? -- Dit was ook nie mooi van hom om hier in die Hof te kom vertel hy is familie van my nie. Hy is nie familie nie.

Dit was nie regverdig om hom 'n leuenaar te noem wat moontlik waar kon gewees het soos wat jy self erken nie. Is dit nie so nie? -- Ek het nie probeer om 'n leuenaar van hom te maak nie, maar Midnight het hier kom sê ek is familie van hom en ek is niks van hom nie en ek het ook nie daardie dinge onthou wat hy gesê het nie.

So omdat hy kom leuens vertel het oor julle familie-
verwantskap, was jy bereid om hom, om nie sy getuienis te,
ek herhaal: dat hy jou geïmpliseer het deur te sê dat jy
familie is, was inkorrekt. -- Hy en my ma val onder een
stam. Ek is nie 'n gadeba nie.

Nouja, toe hy nou die leuen vertel, toe besluit jy dat ek sal doodstil bly van wat hy nou gesê het van my werksomstandighede. -- Ek het dit nie onthou nie. As ek dit onthou het, sou ek dit gesê het.

Ja, weet jy wat sou die uiteinde gewees het as ek nie die getuienis geroep het van die mense van Industex nie? Dan sou dit geargumenteer gewees het noodwendig omdat dit jou instruksies is, dat Midnight is 'n leuenaar. Is dit so? -- Ja, as ek ook nie onthou het nie, dan sou ek hom

in leuenaar gemaak het.

Ja, ek volg. Maar nou is my probleem dit. Jy het soortgelyke instruksies aan jou advokaat gegee saggande al die ander Staatsgetuies, dat hulle is infame leuenars, dat jy nooit enige vergadering bygewoon het nie, ens., ens.,

-- Ek het nooit vergaderings bygewoon nie.

Daarvan is jy baie seker. -- Baie seker.

Maar jy wil hê die Hof moet aanvaar nadat jy verkeerde instruksies saggande Midnight gegee het, het jy regte instruksies soverre dit die ander getuies aanbetref, gegee?

-- Hulle vertel die onwaarheid. Ek het nooit vergaderings bygewoon nie.

Ja, dit is ook vir argument. Nou, hierdie ander getuies ken jy alvier, dit wil sê Joseph Myati. -- Ek ken hom.

John Jacobs. -- Ek het hom gesien die dag met my arrestasie.

Melmut Myeki. -- Ek ken hom. Ek en sy ouer broer was saam op skool.

En Howard Mabanga. -- Sedert laas jaar, 1964, het ons ook ontmoet, met die dat ek altyd daar na Timkastraat toe gaan na my vriend toe.

Wanneer is dit? -- Verlede jaar na ek van die myne af terug gekom het.

Dit was watter jaar? -- 1964.

Wanneer het jy van die myne af teruggekeer. -- November 1964.

So dis amper die einde van die jaar. -- Korrek.

Watter man is dit nou van wie ons nou praat? -- Howard Mabanga.

Nou weet jy hoe lui my notas van jou hoofgetuienis? Dat jy omtrent vanaf die begin vanaf 1963 hom ken. -- Dis nie so nie. Ek het gesê ek het hom geken na ek van die myne af gekom het verlede jaar.

Ons sal net vir die Hof vra. My notas is nie volledig nie. Kan die Hof ons help?

HOF: Ongelukkig het ek net hier aangeteken "saw Howard in 1964 in Timka Street."

PROSECUTOR: I have here beginning of 1962. I had a friend in Timka Street. Ek wonder of dit nie sal nodig wees as die juffrou dit net sal dadelik kry om vir ons terug te speel.

HOF: Dit is omtrent die laaste antwoord wat die beskuldigde gegee het in sy hoofgetuïenis.

AANKLAER: Dit wil voorkom asof ek 'n fout begaan het, maar wel het jy gesê dat dit die begin van 1964 was. -- Dit was in 1964 na ek van die myne af terug gekom het.

- Ontken jy dus dat jy gesê het aan die begin van 1964 het jy hom in Timkastraat gesien. -- Ek kan nie onthou dat ek so gesê het nie.

Wil jy jou stem hoor? -- Ek wil my stem hoor.

Het jy nie nou net jou stem gehoor nie? -- Nee.

Het jy geluister? -- Ek het gehoor wat die Tolk praat maar ek het nie my stem gehoor nie.

In elk geval die Tolk het vertolk dat dit was die begin van 1964. Is dit verkeerd? -- Ek het gesê die einde van 1964 toe ek van die myne af terug gekom het. Ek is die einde van 1963 hier weg en ek het die einde van 1964 terug gekom van die myne af.

So die band is verkeerd. -- Ek sê nie dit is so nie, maar ek kan nie onthou dat ek so gesê het nie.

HOF: Ek moet eerlikwaar sê ek kon nie op die band hoor wat gesê word nie. Dit was vreeslik onduidelik. Julle was nader as ek. Wat het daar gestaan?

AANKLAER: Dat aan die begin van 1964 het ek 'n vriend in Timkastraat gehad en daar het ek vir Howard Mabanga ontmoet. Ons kan net weer dan terugspeel dat ons duidelikeheid daaromtrent kry.

PLAAT WOORD TERUGGESPEEL.

AANKLAER: Ons het hom nou weer 2 - 3 keer oorgespeel. Die Tolk se stem kom baie duidelik, of myns insiens duidelik genoeg deur darem, dat jy sê begin van verlede jaar het jy vir Howard in Timkastraat gesien. -- Ek onthou nie dat ek so gesê het nie. Ek kan nie mooi hoor nie. Ek kan net die Tolk se stem hoor maar ek kan nie my stem hoor nie.

Ek het ook dat iemand anders daarna luister en volgens hom het jy ook die woord begin van verlede jaar gebruik.

-- Ek het nie gehoor dat ek so sê nie.

Maar jy sien ek wil net vir jou wys dat jy kon moontlik 'n fout gemaak het in jou hoofgetuienis. -- Ek het nie 'n fout gemaak in my hoofgetuienis nie. Sover ek onthou met die instruksies wat ek aan my advokaat gegee het, het ek gesê net soos ek nou hier in die hof sê.

Nou, die posisie is dat jy het maar in Port Elizabeth groot geword. -- Ja.

Jy was daar 'n kind gewees, jongman en 'n grootman.

-- Ek was baie jonk toe ek in Port Elizabeth gearriveer het van die goudvelde af en ek het daar groot geword.

So jy was eers op die goudvelde? -- Nee, ek is nie gebore op die goudvelde nie. Ek is gebore in Port Elizabeth, maar my ma is met my op na die goudvelde toe as 'n kind.

Wel, jy het baie plekke gewerk in Port Elizabeth. -- Ja.

En jy het baie rondgeloop daar. -- Ja.

En jy het baie dinge in die dorpsgebied gedoen. -- Ja.

Baie mense leer ken. -- Baie mense wat ek ken.

Duisende. -- Ek sal darem nie sê duisende nie, maar baie.

Baie wat jy ken by hulle name en baie meer wat jy net ken van sien. -- Korrek.

En dit is moontlik dat jy en hierdie mense mekaar maar so oor die tydperk van *jare daar in die dorpsgebied* gesien het. -- Daar het ek baie mense gesien.

Ja, maar hierdie vier wat ek net genoem het in besonder. -- Die ander drie staatsgetuies die ken ek, maar hy sê dis al man wat hy nou gesien het na sy arrestasie, dit was Jacobs geweens.

Maar die ander ken jy oor 'n tydperk van jare. -- Vir Joseph en vir Zolele ken ek. Hy sê die een ken hy deur sy broer, hulle het saam skool gegaan, en altyd saam gedrink.

Is dit nou Joseph Myati? -- Ek en Joseph Myati het gewoonlik altyd by een plek gedrink.

So jy ken hom nie lank nie sê jy. -- Daren 'n goeie ruk.

Hoe lank? -- Omtrent so 4 jaar.

So dan ken jy hom ook al vir jare. -- Ja.

En vir Howard ken jy ook al vir geruime jare. -- Nee, verlede jaar na ek van die Rand af terug gekom het.

Is die posisie nie dat jy kan moontlik 'n fout maak hieromtrent nie? Ek praat van die identiteit of die tydperk waarin jy hierdie vier getuies ken. -- Nee.

Want kyk jy het 'n vreeslike fout gemaak omtrent Industex. -- Dis korrek.

'n Flagrante fout. Jy het die Staat ponde en ponde gekos. Jy stem daarmee saam? Is dit reg? -- Dis korrek.

Nie dat ek enige fout daarmee te vind het nie, maar jy het ook jou suster onnodige uitgawes berokken. Is dit so? -- 'n Mens se hart word seer as jy in die Hof sit en die mense lieg so van jou, dan raak jy so dis of jou verstand stilstaan.

Maar jy het jou suster ook onnodige uitgawes berokken. Ja of nee? -- Korrek.

Want dit was 'n vreeslike groot fout wat jy gemaak het. -- Ja.

Ek stel dit aan jou jy maak ook foute in jou getuïenis. -- Ja, by party plekke.

Maak jy foute. -- Ek onthou nie meer so goed nie, ek het alreeds vir die aanklaer gesê.

So dat jy kan dus moontlik foute maak in jou getuienis.
-- Miskien vertel ek by party plekke die waarheid en by party plekke die onwaarheid. Die dinge van die werk kan ek nie so goed onthou al die tye nie.

En die ander dinge? -- Nee, die ander dinge is die waarheid.

Jy het nog nooit enige moeilikheid van enige aard met enigeen van hulle gehad nie? -- Geen moeilikheid met enige een van hulle gehad nie.

Nog nooit nie. -- Nog nooit nie.

Jy was absoluut verras toe jy vind dat hierdie mense kom hier teen jou valse getuienis aflê. -- Ek was byna dood so groot het ek geskrik.

Jy kan geen rede aanvoer waarom hulle teen jou valslik sal getuig nie. -- Nee.

Nou sê vir my wat het jy van Poqo geweet in 1962? -- Ek het in die koerante gelees wat gebeur het op Sharpville. Dit was in 1960 wat ek gelees het van die bewysboekies wat verbrand was.

Wat het jy nog geweet? -- Ek het gelees in die koerante daar bestaan so 'n organisasie as Poqo en dat die Bantoes die Blankes hier in die Paarl doodgemaak het en gesê het dis Poqo.

Bashybrug? -- Daarvan het ek ook gelees.

Het jy in 1960 gelees dat Poqo verantwoordelik was vir die Sharpville onluste soos wat dit later bekend gestaan het? -- Ja.

Dit wil sê aan die Rand? -- Ja.

En Poqo was ook verantwoordelik vir die Paarl onluste en Bashybrug. -- Ek weet nou dat Poqo was verantwoordelik vir die Paarl en vir Sharpville maar ek weet nie wat agter die Bashybrug moorde gestaan het nie. Ek het dit net een maal in die koerant gesien, ek het nie weer gesien van die

Bashybrugh nie.

Maar jy weet dat Pogo verantwoordelik was vir Sharpville.

-- Ja.

In 1960? -- Ek dink die 1960, ek is nie doodseker nie.

Ek wil dit aan jou stel dat in 1960 het die woord Pogo nog nie aan die Rand bestaan nie. Wat sê jy daarvan? -- Kyk, ek het daardie nou gelees van Sharpville en van die bewysboekies se verbrand en van Sebukwe se arrestasie, toe het ek gedink Pogo is die man wat verantwoordelik is daarvoor.

O, jy het jou eie afleidings gemaak? -- Dit is nou na ek hierdie Paarl opstootjies gesien het, toe dink ek nou kyk, daardie 1960 se ding, dit moet ook maar Pogo wees wat agter dit gesit het.

Maar dit is nie wat jy so pas gesê het nie, jy sien, want ek het jou gevra of jy in 1960 al geweet het dat Pogo verantwoordelik was vir Sharpville. Want in 1960 het die Pan Africanist Congress die optog na Sharpville gereel en nie Pogo nie. Weet jy daarvan? -- Ek kan nie met jou daarvoor stry nie.

Ja, maar hoekom het jy netnou vir my gesê dat was Pogo?

-- Ek vat dit alles dat dit is Pogo.

Maar in 1960 het die woord Pogo nog nie aan die Rand bestaan nie. -- Dan weet ek nie.

Dit was eers in 1963 dat P.K. Leballo bekend gemaak het dat dit eintlik dieselfde organisasie is. Is dit moontlik? -- Dit kan moontlik wees.

En weet jy waar het die woord Pogo eintlik in hierdie land bekend geword? Met die Paarl onluste. Is dit korrek?

-- Ja, ek onthou ook. Dit val my nou by dat dit is so.

Ja, maar Pogo is 'n ou woord, is dit nie? -- Dit is.

Wat beteken dit? -- Soos jy gesê het Maduna Kyedwa, en jy sê Pogo, dan meen dit hy is 'n alleenstaande persoon,

Pogo beteken suiwer. Moenie nou weer probeer in

sirkels met my loop nie. -- Ek het nie so gewest nie.

En Pogo was eers 'n kerk organisasie, ek dink wat in 1927 ontstaan het. Is dit so? -- Ek weet nie. Ek sal dit nie bestry nie.

Met ander woorde jy ken Pogo net as 'n politieke organisasie. -- Ja.

Die leier waarvan Robert Mangaleso Sebukwe was, en toe hy tronk toe is toe het P.K. Leballo by hom oorgeneem. -- Ja.

En jy weet hulle hoofkantoor was in Maseru. -- Ek weet nie.

Het jy nie gewest nie? -- Nie geweet nie.

En jy lees koerant? -- Ek lees nie altyd koerant nie. Ek koop nie 'n koerant nie, ek lees maar net so af en toe een as ek een in die hande kry.

Ja, ek aanvaar dit, maar jy het darem van al die ander dinge in die koerant gelees. -- Ja.

Onthou jy nie hier by die 23ste Maart 1963 rond het P.K. Leballo die voorblad fotos van byna al die koerante gewees? Onthou jy nie dat hy gestaan het met so 'n pyp in sy mond in Maseru en Z.E. Molefi staan hier langes hom nie? -- Ek het die koerant gelees met 'n "Stamp of the World" (?) is die naam van die koerant.

Het jy nooit gelees dat hulle kantoor is in Maseru nie? -- Ek het net gelees van Basutoeland.

Ekskuus, dit is wat ek moes gesê het; Maseru terloops, is in Basutoeland. Jy weet hulle kantore is in Basutoeland.

-- Ek het nie gelees dat die kantoor daar is nie, maar ek het gelees dat daardie persone, daardie leiers is in Basutoeland.

Jy hoor nou vandag op hierdie minuut vir die eerste keer van my dat die kantore was in Basutoeland. -- Ja, ek het gelees dat die leiers is in Basutoeland maar vandag het ek gehoor dat die kantore is in Basutoeland,

Jy het dit nou vandag hier by my gehoor. -- Ja.

Maseru sê jy is hulle kantoor.

Nou op hierdie oomblik het jy dit gehoor. -- Ja.

Maar sê vir my het die Staatsgetuies nie ook daarvan gepraat nie? Dit wil sê John Jacobs, Melmut Myeki, Howard Mabanga en Joseph Myati, het hulle nie daarvan gepraat nie?

-- Hulle het gepraat van Basutoeland maar ek het nie van Maseru gehoor nie.

Nee, maar ek het mos om verskoning gevra dat ek die woord Maseru ooit gebesig het. Het ek nie om verskoning gevra nie, dat ek so 'n fout kon gemaak het nie? -- Jy het gesê dit is nie Maseru nie maar in Basutoeland.

Ja, nou wat hamer jy op Maseru? Het jy geweet dat die Hoofkantoor was in Basutoeland? -- Ja, ek het geweet, ek het in die koerant gelees daarvan.

Nouja, toe kom ons nou verder. Toe het jy die meervoud gebruik. Jy het gesê leiers. wie is hulle? -- Sebukwe en die ander persone wat die Aanklaer genoem het, ek het die van vergeet.

P.K. Iaballo? -- Dis net hy daardie.

En Pearce Khobos. -- Ek weet niks van hom nie.

Z.E. Molefi. Weet jy nie van hom nie? -- Ek weet nie van hom nie.

En John Mfaksa. -- Ek weet nie van hom nie.

Nooit nie van hulle gehoor nie? -- Nee.

Want ek hoor jy gebruik die woord leiers, dit wil sê in die meervoud. -- Ek het gesê ek het van Sebukwe gelees.

Waar was Sebukwe? -- Daar met die Sharpville onluste het ek van Sebukwe gelees.

Heeltemal reg en hy was die leier. -- Hy was die leier.

Van watter organisasie? -- Van die Pogo.

Eintlik van die Pan Africanist Congress. Wanneer het die organisasie ontstaan? Weet jy? -- Ek weet nie, ek het maar vir die eerste maal in 1960 daarvan gehoor toe ek van Sharpville gelees het.

Het jy gehoor van Poqo. -- Dit kan miskien wees soos die A_gnklaer nou sal sê die Congress.

Ja, jy sien, dit is waar jy en beskuldigde 1 vir my om die bos probeer lei met die Congress. Daar bestaan nie so 'n organisasie nie. Elkeen het sy eie naam. Waat jy nie dat die organisasie in 1958 ontstaan het nie? Poqo. -- Nee.

In elk geval die mense het in 1960 by Sharpville hulle bewysboekies verbrand, omdat hulle dit nie wou dra nie, né?

-- Ek weet as jy nie 'n ding wil hê nie verbrand jy hom.

Dis reg, en toe marsjeer hulle almal na die verskillende polisiestasies. -- Ek onthou so.

In hulle duisendtalle. -- Hulle was baie.

En dan eis hulle van die polisie om hulle almal te arresteer, want hulle het nie bewysboekies aan hulle nie.

-- Dit is so.

Die doel daarvan was dat hulle die polisie dan sou forseer om hulle te arresteer en dan sou die tronke te vol wees. Is dit korrek? -- Dit is so.

En dan kan die polisie die mense nie arresteer nie. In ander woorde hulle is dan geforseer in die posisie waar hulle magtelos is. -- Ek weet nie wat sou hulle maak as die tronke vol is nie.

Ja, maar dit was die doel van hierdie sogenaamde Anti-Pass Campaign. Is dit korrek? -- Hulle wou nie paste dra nie.

Jam nou goed. En onthou u jy dat die mense destyds so 'n gekleurde groen kaartjie aan hulle lapelle gedra het?

-- Hulle het sulke goedjies gedra, wat hulle verkoop het in die strate wat vasgesteek word.

Onthou jy die kerton kanteleentjie wat hulle gedra het? Ek sal jou verder help. Ek sal jou die woorde gee wat daarop geskryf gestaan het. Ek sal jou die woorde gee wat daarop geskryf gestaan het; **Africa for the Africans P.A.C.** Onthou jy nou? -- Ek het dit nie gesien nie.

En destyds het jy al ook gelees en gehoor van die saluut

Ileswe lethu. -- Ek het dit nie in die koerant geles nie, maar ek het dit die eerste maal in die lokasie gesien.

O, jy het dit ook gesien? -- Ek het gesien soos die mense so by mekaar by loop, met die regterhand op en sê Ileswe lethu.

En die ander sê Umhlaba. -- Ja.

Waar het jy dit gesien? -- In die lokasie.

Hier in New Brighton? -- Ja, dit gebeur hier in New Brighton lokasie.

'n Algemene ding? -- Nee, ek sou sê dit was nou lede van hierdie organisasie wat dit gedoen het.

Kan jy onthou dat daardie jare was daar toe ook 'n noodtoestand afgekondig. -- Ek onthou van daardie noodtoestand.

Net voordat ek vergeet, by Sharpville, was daar so 80 - 90 Bantoes doodgeskiet deur die polisie. Dit staan vandag bekend as die Sharpville massacre. -- Ek onthou maar ek kan nie die getalle sê nie.

Maar dit was vreeslik baie. -- Baie gewees.

Die noodtoestand, onthou jy dit? -- Ja.

Toe was dit darem 'n onrusbarende tydperk in jou lewe, was dit nie? -- Ek was bang, ek was onrustig gewees.

En die hele rede vir dit alles was hierdie bewysboekies. -- Ja.

Het jy jou bewysboekie in 1960 verloor? -- Ek het my bewysboekie verloor voor die mense hulle verbrand het. Ek is toe daardie selfde tydperk is ek gevang en terug gestuur welkom toe.

Met ander woorde tydens hierdie noodtoestand toe die boekies verbrand was, het jy jou boekie ook verloor. -- Ja.

Is dit ja? -- Ja.

Met die gevolg toe die mense nou so bewysboekies naarstigtelik soek en die polisie en die soldate lê beslag daarop en doen aanvraag daarvoor, *het jy nie een gehad nie.*

-- Ek het nie een gehad nie.

In elk geval dan, ek is vreeslik bly om te sien dat jy darem ook in ons land se dinge belangstel. Is dit reg. --
Ja.

En jy het begin dink oor die dinge. -- Ja.

Wat het jy, tot watter gevolgtrekking het jy geraak in verband met die bewysboekies en Poqo? -- Ek het tot geen gevolgtrekking gekom nie want ek het daar niks voor omgee nie.

Het jy nie gedink daaroor nie? -- Ek het net gedink kyk, die mense wat so hulle bewysboekies verbrand, dit is nou tronksake daardie.

Jy persoonlik het ook al baie probleme met bewysboekies gehad. Is dit nie? -- Ja.

Want kyk hoeveel keer was jy al - as ek maar die woord mag gebruik - gedeporteer. -- Korrek.

Jy was al gearresteer vir die nie-besit van 'n bewysboekie. -- Ja.

Jy was al vir maande sonder werk omdat die boekie nie in orde is nie. -- Ja, daardie slag wat ek weggehardloop het van Johannesburg af.

Ja, en jou bewegings word aan bande gelê as gevolg van die dra van hierdie bewysboekie. -- Korrek.

Jy is nie lief vir hom nie, met ander woorde. -- Ek is lief vir hom. As jy nie 'n bewysboekie het nie, word jy gevang en jy kan ook nie werk kry nie.

Maar is jy nie maar lief vir hom omdat jy hom maar net moet hê nie? -- Ja, ek moet hom dra.

Maar as jy jou eie wette sou kon gemaak het, dan sou jy die bewysboekies afgeskaf het. -- Nee, daardie bewysboekie help jou.

Maar as jy jou eie keuse gehad het, dan sou jy nie die boekie wou dra nie. -- Daar is niks vir my omtrent daardie bewysboekie nie.

So jy het geen klagtes oor hom nie. -- Ek het nou

die moeilikheidjies gehad met hom en die is nou weer alles oor.

Jy het geen klagtes nie? -- Geen klagtes nie.

Nou het die dinge jou nou al gepla, dat die mense bewysboekies moet dra en navraag gedoen hoekom Poqo soveel moeilikheid dan veroorsaak het as gevolg van hierdie bewysboekies?

-- Hulle sê hulle wil nie die boekies hê nie, maar miskien wil party van hulle nie belasting betaal nie.

Nee, het jy navraag gedoen? Moenie afleidings maak nie.

-- Hulle het vir my gesê hulle wil nie die bewysboeke dra nie, want hulle is party plekke net 'n las.

Dis reg, hy brand soos 'n kool vuur hier in jou binnesak. -- Ja.

Hulle het hom verafsku. -- Ja, party wil hom glad nie dra nie.

Jy het nooit met hulle saamgestem nie? -- Ek het nie omgee nie, want my bewysboek was destyds verloor.

Ja, jy het hom, ek trek die vraag terug. In elk geval, jy het nie 'n bewysboekie gehad nie en jy het saam gepraat met die ander destyds. -- Nee, ek het niks omgee vir wat hulle sê nie.

Het jy belang gestel in Poqo? -- Ek het nie omgee vir die doelstellings van Poqo nie. Ek het party maal in die koerant gelees en party maal gehoor mense in die busse praat van Poqo.

En jy het ook geweet destyds in daardie jare, 1960, of 1962, dat Poqo voel dat hierdie land eintlik aan die Bantoe behoort. Is dit reg? -- Ja, Poqo het gesê hierdie land behoort aan die swartes.

Ja, en dat die Blanke eintlik hierdie land van die Bantoe voorvaders gesteel het. -- Hulle sê so.

En dat die Bantoe geen seggenskap in die regeringsvorme van die land het nie. -- Hulle sê so.

Ja, ek praat van hulle en dat hulle graag 'n aandeel of die hele regering, sal wil oorneem. -- Ja.

En sodoende hulle land van die Blanke terugkry. --
Hulle sê so.

Jy stel nie daarin belang nie? -- Ek stel nie daarin
belang nie.

Jy wil ook van daardie doelstellinge niks weet nie.
-- Ek stel niks in daardie, ek het geen belang in daardie
doelstellings wat hulle gestel het nie.

HOF VERBAAG.

AANKLAER: Nou, 'n ding wat my nou verbaas is die feit dat
John Jacobs die volgende gesê het: Ek wil nie weet waarvoor
nie, maar was jy in hegtenis in 1960? -- Ja.

Ek wil nie weet die misdaad nie, maar John Jacobs sê
vir die Hof dat julle twee saam in 'n sel aangehou was in
1960. -- Ek weet nie daarvan nie.

Was jy nie destyds, in elk geval kom ons laat dit maar
vaar. Maar is dit moontlik? -- Ek glo nie dis so nie.
Ek onthou nie.

HOF: Maar was jy in 'n sel aangehou? -- Ek was drie dae
aangehou en toe is ek terug gestuur na Welkom toe.

AANKLAER: So dit is in verband met die Welkom episode dat
jy in 'n sel was? -- Ja.

En dit is wat John Jacobs sê want hoe sou hy nou weet
dat jy in 1960 aangehou was in 'n sel? Dit is wat ek nie
verstaan nie. -- Ja, ek het die sel gebly daardie tyd,
want ek was gearresteer.

HOF: In watter sel was jy gewees? -- Noord-Einde Tronk.

Hy sê ook so. Julle het mekaar in die Noord-Einde
Tronk in 1960 ontmoet. -- Nee, ek het hom nie in 1960
geken nie. Ek het hom maar nou gesien na ons arrestasie.

AANKLAER: Maar jy het nie na jou arrestasie met hom ge-
praat oor jou aanhouding in die Noord-Einde Tronk in 1960
nie? -- Hy was nie saam met my aangehou nou nie. Hy was
afsonderlik aangehou nou.

Wanneer is jy gearresteer? -- Ek is nie seker nie.
Maart of April 1965.

En waar was jy aangehou? -- Ek is in Walmer polisie-
selle aangehou vir 'n week of 'n maand en daarvandaan is
ek toe afgebring na die Noord-Sinde Tronk toe.

En Jacobs? -- En het John Jacobs gesien die dag met
my arrestasie by Makenstraat Polisiestasie en die volgende
oggend is ek voor 'n landdros gebring en die saak is uitge-
stel. Dis laaste wat ek hom gesien het en weer hier vir
die eerste maal.

Dit wil sê Bakenstraat, dit is in Port Elizabeth. --
Ja.

Die volgende dag was jy na die landdros hof geneem? --
Korrek.

So op daardie twee geleenthede het jy hom gesien? --
En toe weer hier vir die eerste maal.

Dis reg, maar jy was aangehou in die Walmer polisie-
selle? -- Ja.

En Jacobs was nie daar aangehou nie. -- Nee, hy is
weggeneem van my af.

Waarvandaan? -- Die dag wat my saak uitgestel is
deur die landdros, ons is terug geneem na die Walmer polisie-
selle en daar is Jacobs weggevat van my af.

Van Walmer polisie-selle? -- Ja.

So dan het jy hom by Walmer polisie-selle ook gesien?
-- Ek het hom net gesien so na ons nou terug gekom het
van die hof af dat ons opgesluit is, is ek allenig. Dis
laaste wat ek vir Jacobs gesien het en toe weer hier in
die Hof die eerste maal.

HOF: Miskien kan jy ō help. Het jy met John Jacobs
gepraat tydens hierdie aanhouding van jou? -- Nooit met
hom gepraat nie.

Het julle geen gesprek gehad, jy en John Jacobs nie?
-- Niks met hom gepraat nie. John Jacobs en Zolele en
Howard hulle het so eenkant gesit in die sel en ons ander
lot het weer teen die ander muur gesit. Daar het ek hom
gesien maar ek het nie met hom gepraat nie.

AANKLAER: Het hy met jou gepraat? -- Nee.

HOF: Jy sê dis John Jacobs, Howard en Zolele? -- Ja, hulle het aan die eekant gesit van die sel, daar was nog ander ook by hulle gewees.

En jy, was jy alleen eekant? -- Ek het tussen anders gesit aan die een kant.

AANKLAER: Was daar onder die beskuldigdes daar by jou? -- Hulle het by die groep gesit wat ek gesit het. Beskuldigde No. 3 het daar by Jacobs hulle gesit.

So jy was ook nie heeltemal korrek toe jy in hoofgetuïenis gesê het dat jy hom vir die eerste keer in Walmer polisiëselle gesien het nie? -- Na my arrestasie is ons gevat na Bakenstraat Polisiestasie. Na die saak voor die landdros uitgestel is, is ons toe na die Walmer polisiestasie.

Maar jy het hom eers by Bakenstraat gesien? -- Ek het hom in die lokasie gesien vir die eerste maal toe hulle hom in die vangwa ingesit het.

Want onder kruisverhoor was dit aan John Jacobs gestel dat jy hom vir die eerste keer gesien het op die dag van jou arrestasie in die Walmer Polisiëselle. -- Ons is eers almal van ons is Bakenstraat toe geneem en toe is ons na Walmer polisiestasie.

Ja, maar ek sê dit is dus nie korrek die stelling wat gemak was nie. Jy het hom nie eerste by Walmer Polisiëselle gesien nie. -- Nee.

Dus daar is 'n fout êrens. -- Dit is maar een en dieselfde, dit is die dag met my arrestasie. Dit maak nou nie saak of ek hom op Walmer gesien het of in Bakenstraat nie.

Hoe lank ken jy vir Melmut Myeki? -- Ek ken sy broer.

Wat is my vraag? -- Die vraag is of ek Melmut ken maar ek ken Melmut al vir 'n geruime tyd, ek het al by hulle huis gekom toe was hy nog sommer so 'n jong seun,

Met ander woorde jy ken hom van kinderdae af. -- Ja.

Is dit nou duidelik? Jy ken vir Melmut al vir jare en jare. -- Ja.

Van kinderdag af. -- Ja, hy het as't ware voor my groot gew ord.

Dit is nou Melmut Myeki. -- Ja.

Hierdie getuie. -- Ja.

Nou weet jy wat was die stelling aan Melmut Myeki toe hy getuienis afgelê het? weet jy? -- Party, ek ken nie alles onthou nie.

Dit was aan hom gestel dat jy hom vir omtrent 2 jaar ken. Dit was aan Melmut Myeki. -- Ek het gesê hy ken sy broer en hy was toe nog klein gewees.

Sal ons net vir die Hof vra om miskien vir ons daar te help asseblief. Dit wil sê die kruisverhoor van Melmut Myeki.

COURT: He knows you for about two years.

AANKLAER: Ek wil net herhaal. Die masjien was vir 'n oomblik nie aan nie. Met ander woorde die Hof se notas sê No. 2 will say...

COURT: He known you for about two years.

AANKLAER: Daar stem my geleerde vriend en ek saam. Dus daar kan nie 'n fout wees nie. Naamlik dat jy of liever, dat jou advokaat aan Melmut Myeki gesê het dat jy vir Melmut vir omtrent twee jaar ken. -- Dit is korrek. Vir twee jaar ken ek hom dat ek nou weet wie dit is. Toe hy so 'n opgeskote seuntjie was het ek maar altyd net gedink dis die broer van my vriend.

My wêreld, eerlik, werklik? -- Ek het maar net gewest dit is 'n jonger broer van die maat van my wat ek mee saam op skool was.

Ja. Moenie vir my probeer om die bos lei nie. Ek sê nou jy het 'n fout gemaak. -- Ek het 'n fout gemaak.

Het jy nie net probeer jou getuienis net so effentjies draai nie? Erken dit. -- Ek het nie my getuienis probeer verdraai nie. Ek het maar net ontken.

Ja, maar dit was mos 'n fout. -- Ja, ek het 'n fout gemaak.

Jy het darem nou al twee groot foute gemaak, lyk dit my. Is dit reg? -- Dit is so.

En hoe lank ken jy vir Howard, sê jy? -- Verlede jaar na ek terug gekom het van die Rand af.

Hoeveel jaar is dit nou? -- Dis nog nie 'n volle jaar nie.

Nou vertel my hoe het julle mekaar ontmoet? -- My vriend en andere, die getuie speel die gek met hom.

Howard Mabanga? -- Ja.

So hy is dan 'n bekende man as hy die saxophone speel. -- Dit is skaars om 'n persoon te kry wat saxophone speel.

Nou goed, hoe het julle toe mekaar ontmoet? Vertel nou vir ons mooi. -- My vriend het in Timkastraat gebly en ek het by hom gaan kuler. Toe wil die vriend vir my wys hoe goed hy al die trompet kan speel. Howard hulle was ook toe daar gewees.

En toe het julle bietjie gesels daar in die huis? -- Ja, so onder die speel en dan prys jy daardie een en sê hoe goed kan hy daardie ding speel, ens.

Het julle nie miskien so ietsie gedrink nie? -- Ek het nie saam met hulle gedrink nie.

Hulle het gedrink? -- Nee, hulle het nie gedrink nie.

Nou goed, ek wil nie weet wat die drinkery is nie, maar jy sê jy het nie saam met hulle gedrink nie. Nou lyk dit vir my asof die ander maar gedrink het, maar in elk geval, julle het nou eers darem uitgevind wie is wie. -- Daar is so 'n familiebetrekking van die een wat daar bly. Ek het gehoor hy praat met Howard Mabanga, hy sê Matshumpa is die naam wat hy hom op noem.

Het jy nie uitgevind wat sy naam is nie? -- Nee, ek het hom geken by die naam van Matshumpa. Ek het maar die naam van Howard hier in die hof gehoor.

Nou goed, Matshumpa is heeltemal in orde. So jy

het daardie dag die naam Matshumpa gehoor. -- Ja.

En dit is hoe jy hom ook maar nangespreek het. -- Ja.

En daarna, vermoed ek, het jy maar weer miskien vir Matshumpa in die strate gesien loop. -- Ja, ek het hom in Timkastreet gesien. Hy was nie daardie aand geoesen nie. Ek en my vriend het afgegaan daar na sy suster toe.

Ja, maar ek wil nie weet wat hy gedoen het nie. Ek wil net weet of jy hom in die straat gesien het weer daarna of ooit weer gesien het daarna. -- Ja, en selfs die dag met my arrestasie was hy ook teenwoordig.

En dan spreek jy hom maar altyd aan as Matshumpa. -- Ja, dis al naam wat ek hom by ken.

Hoe het hy jou genoem? -- Doet Gubevu.

So julle het mekaar darem by name genoem. -- Ja.

En as jy nou iemand ken dan bedoel jy dat jy sy naam ken en dat julle mekaar so aanspreek. -- Ja.

HOF: Dis nou Howard waaroor jy nou getuig? -- Dis Howard.

AANKLAER: En as jy 'n man net van sien ken, dan bedoel jy dat jy net weet jy het al daardie man se gesig gesien. -- Dis korrek.

Jy het nog nie met hom gepraat nie, julle het nog nie mekaar ontmoet nie. -- Dis korrek. As ek 'n man vandag ontmoet het en ek sien hom môre weer dan sê ek kyk, ek het daardie man gesien maar ek weet nie wat sy naam is nie.

Nee, man, jy verstaan nie. Verduidelik jy nou vir my in jou eie woorde wat is die verskil tussen die volgende: Wat bedoel jy as jy 'n man ken? -- Ek sal nou sê ek ken daardie man, dan ken ek sy naam.

En wat nog? -- En waar hy bly en sy vriende en wat dat hy doen.

En hy ken nou jou naam. -- Ja.

En hy weet waar jy bly. -- Ja.

En sy vriende. -- Ja.

En wat hy doen. -- Ja.

Wat bedoel jy as jy sê jy ken 'n man net van sien?

-- Dit is nou 'n persoon sê nou ek sien vandag 'n persoon, ek vra hom nie sy naam nie of sy adres of niks nie en môre kry ek hom weer dan sien ek hom in die straat dan sê ek o, ek het daardie man al vantevore op so en so 'n plek gesien.

Gesien? -- Ja.

Maar jy weet nie wat hy doen nie. -- Ek weet nie wat hy doen nie.

En jy weet nie wat sy naam is nie. -- Ek weet ook nie sy naam nie.

Jy weet nie wie sy vriende is nie. -- Nee.

Ens... -- Ja.

En nou ken jy vir Howard Mabanga van sien of ken jy hom? -- Ek ken hom nou van dat ek ken sy naam en alles.

So jy ken hom. -- Ek ken hom.

HOF: Het jy geweet wat is sy nering? -- Ek het geweet hy speel die saxophone.

AANKLAAR: Maar het hy nou 'n bestaan gemaak deur die saxophone speel? -- Ek het nie geweet waar hy gewerk het nie. Al wat ek weet hy speel saxophone.

Is jy ook 'n musikant? -- Ek is 'n dromslaner.

Het julle in dieselfde orkes gespeel? -- Nee, toe ek nou terug kom van die Rand af toe het hulle nog geoefen, hulle het toe nog ook nie 'n orkes gehad wat hulle in gespeel het nie. Vroeër het ek drom gespeel, ek kan ook nog nie goed speel nie. Ek oefen maar nog.

HOF: Ek is nou jammer, maar ek het nou so bietjie verward geraak met my notas. Laat ek tog net hieroor bietjie helderheid kry. Jy het hom, dit is Howard, aangespreek as Matshumpa? -- Ja.

En hy het jou aangespreek as Boet? -- Ja.

En julle het met mekaar gesels? -- Ja, kyk soos hulle nou so sit en oefen dan kyk jy maar daardie een is 'n swak speler of daardie een het die stuk goed voorgedra, en so aan.

AANKLAER: Nou, weet jy wat was die stelling aan getuie, Howard Mabanga? -- Nee.

Naamlik dat jy sal sê dat jy hom vir omtrent 2 jaar ken, maar slegs van sien. Ekskuus, ek herhaal my vraag heeltemal anders kan ek jou verwar. Die stelling was gemaak dat jy vir Howard vir omtrent 'n jaar ken, maar slegs van sien. -- Ek het gesê ek het hom in verlede jaar ontmoet.

Is hierdie stelling korrek?

HOE: Jou advokaat het dit aan Howard gestel. Hy het gesê; he has known you by sight for about a year. Dit is my aantekening. -- Ek het gemeen die begin van verlede jaar.

Maar wat die Aanklaer na verwys is dit, dat jy het gesê jy ken hom van sien, en nou word dit uit jou getuie nis duidelik dat jy hom ken, dat julle het al met mekaar gepraat, jy weet wat sy nering is, jy weet was sy naam is. Hy ken jou by die naam van Boet en jy spreek hom aan by die naam van Matshumpa. -- Ek verstaan.

AANKLAER: Is hierdie stelling reg dat jy hom net van sien geken het? -- Ek het nie gesê ek ken hom nie.

Hoe het jy gesê? -- Ek het gesê ek ken hom van verlede jaar af. Ek het daar na my vriend toe gegaan daar waar hy woon, daar waar hy oefen.

As die stelling so gemaak was, dan moet jy weet. Met ander woorde wil jy te kenne gee dat jou advokaat nie weet wat hy doen nie? -- Ek sal nie so sê nie, miskien het ek 'n fout gemaak.

Dis reg. Nou kom ons nader aan die waarheid. Want ek herhaal weer dat dit is die stelling wat jou advokaat gemaak het en ek moet dit so aanvaar. Ek moet aanvaar dat dit is soos wat jy hom ingelig het. -- Ek sê ek lig hom in.

Het jy toe 'n fout gemaak? -- En onthou nie dat ek so gesê het nie, maar as dit gesê word dat ek so gesê het, dan het ek 'n fout gemaak.

Wil jy hê ons moet die stelling terugspeel? -- As my advokaat so gesê het, dan is ek seker ek het so gesê.

Dan het jy 'n fout gemaak? -- 'n Fout gemaak.

Maar jy maak vir my sulke baie foute, man. -- Hierdie saak wat ek voër beskuldig staan, ek was nog nooit vir so 'n ding beskuldig nie.

Ja, in dieselfde tyd was die stelling ook gemaak aan Howard Mabange dat jy sal sê jy het die hele 1962 in die Transvaal was. Ook 'n fout. -- 'n Fout.

Dis reg. Drink jy? -- Ek drink.

Jy besoek ook drink lokale, drink plekke? -- Ja, ek besoek die plekke wat ek van weet waar daar gedrink word.

En Myati sê dat julle al vir lank vir mekaar ken, dit is Joseph Myati. -- Ja, dis jare.

En dit is in drink plekke wat julle mekaar ontmoet. -- Korrek.

Hoeveel jare sal jy skat? -- So 4 of 5 jaar.

Ken jy die Kwa Ford Stadium? -- Ek ken hom.

Jy weet ook waar die bosse is wat daar van gepraat word. -- Ek weet.

Ken jy vir Mtutu? -- Ek ken hom nie.

Nee, want hy is 'n Pogo, daarom ken jy hom nie, nê? -- Ek kan nie sê hy is 'n Pogo nie, maar ek ken hom nie.

Maar die getuies sê hy is ook 'n Pogo en daarom ken jy hom nie. -- Ek weet nie. Ek het gehoor hulle het so gesê maar ek ken hom nie.

Ken jy vir Kalipa? -- Nee.

Nee? -- Daar is familie mense met die van van Kalipa, maar ek weet nou nie of hy uit deardie familie uitstam nie.

Ken jy vir Duke Makuta? -- Ek ken hom.

En weet jy dat hy 'n Pogo is? -- Ek het gehoor hier in die Hof dat hulle sê hy is 'n Pogo.

En vir Heleni? -- Ek ken hom nie.

En wat van Gladwin Mballi? -- Al wat ek van Mballi weet, daar was 'n verpleegster, ek en sy was saam op skool.

Ek weet nie of sy familie is van hom nie.

Die vraag is of jy vir Gladwin Mballi ken. Ja of nee?

-- Ek ken hom nie.

En vir Memory Mandola? -- Ek ken net die hoofman, Mandola, ek weet nie of dit sy pa is nie.

Die vraag is kan jy vir Memory Mandola. -- Ek ken hom nie.

Waarvoor moet jy met 'n draai met my loop? Ken jy vir Funani Suwesa? -- Nee.

Ken jy vir Khondlo? -- Nee.

Ek stel dit aan jou dat jy besef jy is in 'n groot moeilikheid vandag. -- Dit is so.

En jy sal enigiets probeer om uit die moeilikheid uit te kom. -- Korrek.

En somtyds dan sal jy ook maar probeer om die getuënis so effentjies 'n kleur gee om jou te help. -- Nee, ek blaas nie goud nie.

Ek stel dit aan jou jou getuënis is nie waar nie en dat jy inderdaad 'n lid van Poqo was soos wat die Staatsgetuënis getuig het. -- Ek weet niks van Poqo nie en ek was nooit ook 'n lid van Poqo nie.

GEEN VERDERE VRAE DEUR AANKLAER.

HOF: Ken jy vir Sipo? -- Ek ken baie mense met die naam van Sipo.

Ken jy vir Dan Thomas? -- Ek ken hom. Hy is hierdie Midnight se swaer. Ek het daar by hom gedrink altyd.

Jy weet natuurlik nie of hy ook 'n Poqo is nie. -- Ek het gehoor destyds toe ek terug gekom het van die Rand af, dat hy is gearresteer.

Het jy nooit gehoor dat daar 'n Poqo beweging is in New Brighton nie? -- Nee, ek het maar vir die eerste maal gehoor hier in 1963 toe hulle begin arresteer het daar, dat daar is so 'n beweging.

Het jy toe vir die eerste maal gehoor? -- **Ek het** vroeër gehoor daar is 'n Poqo beweging en daar is lede.

Jy het toe gewaet wat die Poqo beweging oor gaan? --
Ek het gewaet.

Het jy al ooit gehoor van die woord Inkulule? -- Ja,
lank gelade.

Was die woorde Inkulule nie op almal se tonge gewees
hier in 1963 en 1962 nie? -- Dit was gepraat, die mense
wil Inkululeke hê, vryheid.

En jy het nie daarin belang stel nie? -- Ek het nie
daarin belang gestel nie, want ek stel nie belang in die
goed van Poqo nie.

Jy sê jy ken nie vir Duke nie? -- Ek ken hom, hy bly
in Jabavustraat.

Jy ken glad nie vir die man, Mtutu nie? -- Ek ken
hom glad nie.

Ek wonder, mr. die aanklaer, of jy my miskien kan
help en sê wat is Sipo se van.

AANKLAER: Bashman.

HOF: Kan jy 'n persoon met die naam van Bashman? -- Ek
ken nie vir Sipo nie, maar ek ken 'n Bashman wat op die
busse werk.

Jy sê of Bashman en Dan Thomas mekaar ken? -- Ek
het nooit Sipo gesien nie, maar ek ken Dan Thomas. Ek
sal nie kan sê nie.

Jy ken nie vir Bashman nie? -- 'n Man met die naam
van Bashman werk op die busse. Ek weet nie of dit die-
selfde persoon is nie.

Nou maar die vraag is nou vir jou of die man, Bashman,
wat jy ken, moontlik bekend is aan Dan Thomas. -- Ek
weet nie.

RE-EXAMINATION BY DEFENCE: Are your parents old or young?

-- They are old but not too old.

Can you give us some idea of their age? -- I can't
say. No idea.

*Is your mother still working? -- Yes, she is
selling vetkoek.*

And your father also. -- He works for the Municipality in the location.

Now my learned friend cannot understand, why, on the one hand, you tell us what jobs you've done since leaving school and on the other hand, you made a mistake with regard to the period during which you were in the Transvaal.

-- I made a mistake with the time I was in Johannesburg.

Now when you heard this evidence given in Court by the people who worked at Industex, did you start thinking again or did you not? -- Then I started to think.

Now you told my learned friend that you made a mistake in a few stages in your evidence. I've already told the Prosecutor. What did you mean by that? What did you mean by I've already told the Prosecutor? -- What I meant is that I can't remember each and everything that happened during that time.

Now did you make any more mistakes in your evidence than you had admitted to the Prosecutor? That is the question. -- I've made some more mistakes, except those I admitted to the Prosecutor.

Could you tell me what mistakes they are? -- The time when I was at the goldmines and the time when the Prosecutor asked me and I made a mistake thinking that the time before I worked for Industex, and this mistake I made, I, first of all did not go to the goldmines in 1962. I did not go to the Transvaal in 1962. In 1962 I went to the Transvaal to go and stay there.

You didn't go to the goldmines? -- No, I went to visit my sister.

Are those the mistakes that you didn't tell the prosecutor about? -- Those are the mistakes.

Now you said to my learned friend, you admitted that today you are in great difficulty and I think you said you'd do anything to get out of that difficulty. -- Yes, to tell the truth.

I don't quite follow you. Will you explain? -- He told the Prosecutor that he is in difficulty here and he told the Prosecutor that he will tell the truth to get out of that difficulty.

Now, have you told any lies in an attempt to extricate yourself from the difficulty you find yourself in? -- No, I made mistakes.

NO FURTHER QUESTIONS BY DEFENCE.

EXAMINATION BY DEFENCE: PATRICK SWARTBOOI: s.s. (Accused 3)

Have you ever been a member of the Pan Africanist Congress or Poqo? -- No.

Have you ever attended meetings of that organisation? -- No.

You've heard the evidence of the State witnesses that you were at meetings. What do you say about that? -- It is not so.

What do you say about Joseph Myati's evidence that you recruited him as a member of the unlawful organisation? -- It is not so. I know nothing about it.

What do you say about Joseph Myati's evidence that you were in fact a captain in that organisation? -- It is not so. I was never a captain.

How well do you know John Jacobs, one of the men who gave evidence against you here? -- I had a fight with him last year.

What about? Was it last year? -- In last year he and his friends attacked my friend and assaulted him.

What is your friend's name? -- Wages Bala. My friend then came and made a report to me. This Joseph, he calls him Tanga, he then came to his friend's house that evening.

Joseph Myati, accused also calls him Tanga? I'm sorry, John Jacobs. -- John Jacobs, he knows him by the name of Tanga.

Yes? -- Then we had a fight where I was at my friend's

place that night.

Did you all fight? -- All of us fought.

What was the result? The outcome of the fight? --
We got the best of the fight and Tanga and his friends ran.

Now is Zelele also known as Melmut Myeki? -- His brother
was responsible for the pregnancy of my sister.

COURT: That is the brother of? -- Melmut Myeki.

DEFENCE: When did you meet him? -- I saw him in 1965.

Where did you see him? -- Myself and my father went
to the house of the witness in order to collect the damages
for my sister.

Was he in the house? -- He was in the house.

Had you ever seen him before that day? -- No.

Will you tell us what you know about the witness,
Howard Mabanga? -- I saw him in Timka Street at the hall
in last year.

Did you actually get to know him? -- No, I only
know him by sight.

So you only saw him in Timka street in a hall last
year by sight only? -- Yes.

And Joseph Myati? -- I know him from a house in
Connicker Street where I used to go and drink and a friend
of mine lives and works with him.

Who is that friend? -- Stiemeli.

Do you actually know him? -- I did not know his name,
I only saw him drinking there.

At the house in Connicker Street. -- Yes.

Did you actually speak to him? -- No, I only heard
his friends speaking his name.

When did you first see him in this house in Connicker
Street? -- Last year, at the beginning of last year.

Now are you innocent or are you guilty of the offence
of which you now stand charged? -- Innocent.

NO FURTHER QUESTIONS BY DEFENCE.

KRUISONDERVRAGING DEUR AANKLAER: Wanneer het jy vir die eerste keer in jou lewe van Poqo gehoor? -- In 1963 toe het ek gehoor die mense word gearresteer vir Poqo.

Hoe oud is jy? -- 19 jaar.

En joi bewysboekie? -- My moeder het my bewysboekie kom haal by die Walmer Polisie-selle om my geld te kry by my werkplek.

Wanneer het jy begin belasting betaal? -- 1962 het ek die eerste maal betaal.

Toe moes jy in 1962, 18 gewees het. -- Ja, ek is nou seker ek het in 1962 vir die eerste maal betaal.

En 'n mens betaal belasting as jy 18 is. Is dit reg?

-- Dit is korrek, ek het in 1962 betaal.

So jy stem saam met my? -- Ek stem saam.

Dan is jy mos nie 18 nie. Dan is jy mos nie 19 nie.

Daar trek jy sommer al weg met 'n ou klein wit leuntjie.

-- Ek lieg nie.

HOF: Maar hoe oud is jy? -- Ek het by die huis gehoor hulle sê ek is 19.

AANKLAER: Jy het in 1962 begin belasting betaal en toe was jy 18. Is dit reg? -- Ja.

Maar moenie net jou kop knik nie, want moontlik moet ons lateraan die plaat terugspeel dan kan ons nie die knik van jou kop hoor nie. Goed, in 1962 was jy 18, kom ons dan tel by. In 1963 was jy 19, 1964 - 20, 1965 - 21. Jy is mondig. Is dit so? -- As jy so sê dan moet dit so wees.

Nou wanneer is jy gebore? weet jy? -- By die huis het hulle vir my gesê ek is gebore in 1946.

Nee, maar dan werk die dinge ook nie mooi uit nie. Dan het jy belasting betaal toe jy nog te jonk was. want in 1946 dan is jy 19, jy sien. Maar in elk geval weet jy hoe oud is beskuldigde No. 2? -- Ek weet nie.

Is julle tydgenote of nie? -- *Ek weet nie.*

Nou watter standaard het jy op skool gemaak? -- Std. 3.

Watter jaar? -- 1959.

Hoe oud is jy toe? -- Ek kan nie sê nie.

Jy weet glad nie? -- Nee.

Maar jy was nie 'n klein kindjie gewees nie. -- Hy wys omtrent so 3' 6" hoog, was hy toe gewees.

En wanneer is jy na die stamskool? -- Desember 1962.

Hoe oud was jy toe? -- Ek weet nie.

Hoe oud moet jy wees voordat jy na 'n stamskool kan gaan volgens julle Bantoe gewoontes? -- Van 19 af op.

Nou is ons darem in die moeilikheid. Nou werk ons berekeninge darem nie mooi nie. Is jy die oudste seun in die huis? -- Nee.

So daar was geen rede waarom jy sou vroeër na die stamskool gegaan het nie. -- Ek het na die stamskool toe gegaan toe ek sien my vriend gaan soontoe.

Ja, maar daar is nie 'n rede waarom jy vroeër na die stamskool toe moes gegaan het nie. Met ander woorde daar was nie familie probleme dat jy moes vroeër gaan nie.

-- Daar was probleme. Ek was die enigste seun gewees.

Maar ek dink ek het dan nou net vir jou gevra of jy die oudste seun was. -- Die oudste seun het gedros. Hy is myne toe en hy het nou nog nie opgedaag nie.

En is jy toe die enigste seun wat oorgebly het? -- Ek is toe die oudste seun wat oorgebly het.

Moes jy toe stamskool toe gaan? -- Ja.

Was jy van die jongstes daar? -- Daar was by die stamskool 'n klomp jong seuns. Ek weet nie of hulle jonger was nie.

Maar in elk geval vanaf 1962 was jy dus 'n groot man. -- Ek is toe 'n man.

En jy het gedink en gedoen soos 'n man. -- Korrek.

Nou onthou jy die dae van 1960 toe daar so baie moeilikhede in ons land was? -- Ek onthou nie meer nie.

Het jy destyds onthou? -- Ek het geen notisie van daardie dinge gevat nie.

Ja, maar jy was destyds daarvan bewys gewees. -- Ek onthou van die noodtoestand toe die bewysboekies en goed verbrand is.

In 1960? Is dit reg? -- Ja, in 1960.

Ja en jy onthou van die dinge waarvan beskuldigde No. 2 ons nou net vertel het. -- Ek onthou hulle nie.

Wat weet jy van 1960? Vertel vir my? -- Ek het gesien dat hulle daar in die lokasie met die saracens rondry, en die bewysboeke word verbrand.

Was jy toe al in die skool? -- Nee.

Het jy toe al gewerk? -- Gewerk.

Die mense het bewysboekies verbrand. -- Ja.

En almal in die strate was voorgekeer vir hulle bewysboekies. -- Ek het nooit gesien dat daar mense voorgekeer word nie, maar ek het gesien dat die bewysboekies verbrand word.

Wanneer het jy jou bewysboekie gekry? -- In 1959.

Het jy toe jou boekie in 1960 verloor? -- Nee, ek het hom gehad.

Waar is hy vandag? O, jy sê jou ma het hom, nê? -- Ja, hy sê sy ma het hom gevat. Met die baie sterk veranderinge het ek toe my boekie ingehandig by Afrika-huis en ek het toe 'n nuwe boekie gekry.

In 1960? -- Die begin van die jaar het ek my ou boekie ingehandig en het ek 'n nuwe boekie gekry.

So jy het nog 'n boekie. -- Ja.

Jy het hom in 1960 nie verloor nie. -- Nee.

Het hulle ooit vir jou boekie gevra in 1960? -- Nee, toe ek hoor die mense verbrand hulle bewysboekies het ek myne by die huis gelaat en ek het sonder 'n bewysboek geloop.

In elk geval, jy het geweet dat die mense wil vryheid hê. -- Ek het gehoor hulle sê hulle wil vryheid hê.

Hulle is moeg van die juk van die blanke, hulle wil nou self regeer. -- Ja, ek het gesien dit is hulle motief.

Het jy gesien of gewees? -- Ek het nie gehoor nie, aan die dinge wat hulle gedoen het, het ek, het dit vir my gelyk dis wat hulle agter is.

O, jy het 'n afleiding gemaak. -- Hulle kan mos nie hulle bewysboekies verbrand as hulle nie agter iets is om te kry nie.

Maar hulle wou 'n vuur gehad het dalk. -- Ek weet nie of hulle 'n vuur wou gehad het nie.

Wou die mense vryheid hê of nie? -- Ek weet nie.

Goed, jy weet nie, maar jy het darem gesien die mense brand boeke. -- Ek het gesien.

Maar nooit gewees hoekom nie. -- Nee.

Jy het gesien die polisie en die soldate ry in die strate rond met saracens. -- Ja.

Ook nie gewees hoekom nie. -- Ek het nie gewees waarom nie, maar ek het later gehoor hulle soek na die mense wat beywsboekies verbrand.

Maar jy weet nie wat verkeerd was met die verbrand van die bewysboekies nie. -- Ek het nie gewees nie.

Jy kon ook maar jouns verbrand het. -- Hoe kan ek dan nou my bewysboek verbrand? Met wat kan ek werk?

Maar die ander mense? Het jy nooit daaraan gedink hoe hulle sal kan werk sonder hulle bewysboekies nie? -- Ek het gedink hoe gaan hulle werk sonder hulle bewysboekies.

Het dit jou bekommer? -- Nee, ek was nie bekommerd daaroor nie.

Dit het geen indruk op jou gemaak nie? -- Geen indruk gemaak nie.

En later vanjare het jy toe terug gedink oor daardie dae, het jy nie? -- Nee, daardie is geheel en al uitgewis uit my verstand uit.

Maar destyds toe die dinge nou plaasgevind het, toe het jy gewees dat Pogo was daarvoor verantwoordelik. -- Ek het nie gewees ~~wa~~ agter die beweging is nie.

Wat het jy gewees? -- Ek het nie gewees nie. Ek

het maar net gesien dat die mense verbrand hulle bewysboeke.

Sover dit jou aanbetref mag dit die rugbyspan van Johannesburg waes wat die boeke verbrand het. -- Ek het nie geweet watter mense het die boeke verbrand nie.

En wie daar agter gesit het nie. -- Nee.

Weet jy nou nog nie? -- Nounog nie.

Maar nou weet ek nie hoekom nie, want ek het jou gevra wat weet jy van Pogo. -- Ek het nie geweet of die Pogo die boeke verbrand het nie, of wie dit was nie.

Ek wil tog net dat die Hof my help, of dit is soos ek my vraag ingelei het. Ek dink dit sal heel aan die begin omtrant wees. Dit wil dus vir my voorkom asof ek nog nie die woord Pogo gebruik het nie. Dan sal ons dit daar laat. Maar jy het wel gesê dit het vir jou voorgekom as sou daar die mense wou vryheid hê. -- Ek sê ek weet nie wat die mense wil hê nie, of hulle wil vryheid hê of wat hulle wil hê nie.

Maar jy het in een stadium gesê dit het vir jou voorgekom of hulle wil vryheid hê. -- As ek so gesê het dan het ek 'n fout gemaak.

Jy het so gesê, dus het jy 'n fout gemaak. -- As ek so gesê het, dan het ek 'n fout gemaak.

Ek stel dit aan jou jy het so gesê, of trek jy my woorde in twyfel. -- Ek kan nie sê jy vertel 'n leuen nie.

So jy het nie die vaagste benul gehad wat die mense beoog met die verbrand van die bewysboekies nie. -- Nie geweet nie.

Het jy ooit gehoor van Sharpville daar naby Johannesburg? -- Nee.

En al die mense wat daar doodgeskiet was? -- Nee.

Ooit gehoor van die sogenaamde Paarl onluste daar naby Kaapstad? -- Nee, ek lees nie koerant nie. As ek 'n koerant gelees het, sou ek dit miskien gesien het.

Nooit gehoor van Pogo nie? -- In *Sekere Bantoevrou* het in 1963 vir my ma gesê haar kind is gevang vir Pogo.

Maar voor dit nou toe jy al hierdie dinge aanskou het in 1960 wat daar in jou dorpsgebied plaasgevind het, het jy ooit begin navraag doen? -- Ek het nooit navraag gedoen nie.

Het jy nooit gehoor dat die mense in die busse of in die strate of in biersale of by die werk daarvan praat nie? -- Ek het net gehoor die mense verbrand hulle boeke, maar niks meer nie.

Nooit gehoor wat die oorsaak daarvan is of navraag gedoen nie? -- Nee, wat, ek het nie omgee om daarvan navraag te doen nie. Ek het mos my bewysboek by my.

Weet jy dus wat die woord Inkuleku beteken? -- Om vry te wees en rustig te bly.

Met ander woorde vryheid, freedom. -- Korrek.

Het jy ooit daardie woord in daardie verband gebruik? -- Nee.

Nog nooit? -- Nog nooit.

Weet jy wie Matanzima is? -- Ek hoor maar die mense praat van Matanzima.

Weet jy wie Keyser Matanzima is? -- Ek hoor die mense praat van hom, wat die mense sê wat hy doen, weet ek nie.

Het jy al ooit gehoor van die Transkei? -- Ek het eenmaal in die Transkei gewees. Ek het saam met 'n meubelvervoerder gegaan, Robot Ntenish.

So jy weet waar die Transkei is, nê? -- Ek kan nie dit gaan uitwys nie, ek was maar eenmaal daar gewees, een maal en laaste maal.

Het jy ooit gehoor dat die Transkei onafhanklikheid gekry het so 'n jaar of wat gelede? -- Nee, ek het nooit gehoor dat hulle self gegee nie.

Tot vandag toe nog nie? -- Nee.

Maar dit verbaas my, want ek het gevind dat julle mense baie min van Pogo weet of voorges om te weet, maar almal het darem sonder uitsondering gepraat van Keyser Matanzima en die Transkei. Weet jy regtig niks daarvan

dat daardie mense het nou hulle onafhanklikheid en dat hulle nou hulle self regeer? -- Nee, as ek nou miskien in 'n koerant dit gesien het, dan sê ek ek kan nie 'n koerant lees nie.

HOF: Waar is jy gebore? -- Ek is in Korsten lokasie, Port Elizabeth distrik gebore.

Jy het nie gehoor van die verkiesing dat daar gehou was nie? -- Nee.

AANKLAER: Watter nasionaliteit is jy? -- Khoza.

En die Transkei se mense watter nasionaliteit is hulle? -- Ek weet nie of dit Bantoes if of Kleurlinge wat daarin die Transkei bly nie.

Toe jy daar was, het jy die mense gesien? -- Ek het Bantoes alleenlik gesien, nie Kleurlinge nie.

Maar wat praat jy dan? Probeer jy nou werklikwaar hierdie Hof mislei? -- Ek wil nie die Hof mislei nie.

Nou maak jy grappies? -- Nee, ek praat die waarheid.

Is jy ernstig? -- Ek antwoord jou vraag.

Waar is die Transkei? -- Transkei.

Waar was jy gewees? -- Ons was in die Transkei maar ek weet nie tot waar nie.

HOF: Weet jy nie watter dorpe het julle in die Transkei gesien nie? -- Ek weet nie. Die persoon wat saam met my was mag weet, want dit is die eerste maal dat ek daar kom en hy het my gesê watter plek dit is, maar ek het vergeet.

Wanneer was jy Transkei toe? -- 1964.

AANKLAER: En jy onthou dit nie? -- Nee, ek onthou nie. Ek ken nie daardie plek nie.

En jy onthou dat jy en Jacobs Baklei het? -- Dit onthou ek.

Watter jaar was dit? -- Verlede jaar.

Jy onthou dat jy vir Howard Mabanga in Timkastraat gesien het die eerste keer? -- Ek onthou dit.

By 'n saal -- Ja.

HOF: In watter jaar? -- Verlede jaar, 1964.

Howard Mabanga was die persoon. -- Hy draai nou om.
Hy sê hierdie jaar.

1965. -- Ja.

Onthou dat jy dit gesê het, hoor? Ons sal weer daarna-
toe terug kom. Jy onthou dat jy vir Joseph Myati ken van
n vriend se huis in Connickerstraat of soiets. -- Ek
onthou. Dis nie eintlik n vriend van my nie, maar dit is
n persoon wat ek mee saam werk.

Kan jy onthou wanneer dit was? -- Februarie verlede
jaar.

Kan jy onthou wie was almal teenwoordig tydens hierdie
bakeiery? -- Ek onthou.

Wie was dit? -- Raymond Boysi, Wages Bala en ek myself,
Patrick Swartbooi.

Net julle drie? -- Phillip Tsulu.

Wie nog? -- Net die vier van ons.

Waar was die bakeiery? -- Fergusonstraat.

En hoe laat was dit gewees? -- Omtrent 6 n.m.

En hoeveel mense het ongeveer om julle vergader? --
Daar was baie aanskouers gewees.

En wie het eerste geslaan? -- Hulle het eerste
geslaan.

En julle het hulle toe terug geslaan. -- Ons het
terug geslaan.

Vir wie het jy geslaan? -- Ons het nie mekaar geslaan
met dinge nie. Ons het mekaar met klippe gegooi.

Vir wie het jy met die klip gegooi? -- Ek het daar
een van hulle raak gegooi. Ek het nie gekyk wie ek raak
gooi, na wie ek gooi nie.

Nou in elk geval, die rede hoekom ek die vragies nou
gevra het, is om te kyk hoe goed jou geheue is. Dit lyk
vir my goed. Stem jy saam? -- Ek stem saam.

En ek aanvaar ook dat jy n redelike mens is. Jy
stel belang in dinge. -- Korrek.

En jy is seker ook soos 'n normale mens wat graag nuwe plekke en nuwe mense wil sien. -- Ek lief om dit te sien.

Veral 'n nuwe plek. -- Korrek.

Dit word beskryf as die "wanderlust" om rond te gaan en plekke te sien. Is dit so? -- Korrek.

Was jy al ooit in Johannesburg? -- Nee.

Jy sal graag daar wil gaan kyk hoe lyk dit. Die grootste stad in die suidelike halfmond. -- Ek sal hou daarvan om daardie stad te sien.

Jy sal graag dit wil sien. -- Korrek.

Dan wil jy ook soos jy van Port Elizabeth af gaan, sal jy graag die plekke om Port Elizabeth ook wil sien. -- Ja, ek wil hulle sien.

Jy het al baie mense ontmoet wat van die Transkei af kom. -- Daar kom baie vreemdelinge in die lokasie en ek weet nie waar hulle vandaan af kom nie.

Sê vir my het jy nog nooit iemand van die Transkei ontmoet nie? -- Nee.

Daar is soveel duisende der duisende mense in die Transkei. Is dit so? -- Ek het nog nooit 'n persoon ontmoet wat van die Transkei af kom nie.

Ken jy die plek by 'n ander naam? -- Nee.

HOF: Miskien sal jy vir die Hof beskrywe hoe julle gery het.

AANKLAER: Noem die dorpe se name. Luister, ons is nou in Port Elizabeth. Verstaan jy? Jy sit nou agter op hierdie vervoer vragmotor, julle is nou op pad Transkei toe. Verstaan jy? -- Ek verstaan.

Die bestuurder trek weg. Wat is die eerste dorp wat julle by aangedoen het? -- Swartkopsrivier.

En daarvandaan die dorpe? -- Grahamstad.

En daarna? -- Ek vergeet nou die ander dorpe se name.

Nee, dink nou mooi. Skud jou kop so bietjie dat die wasigheid verdwyn dan sê jy vir ons, *Wat kom na Grahamstad?* -- Ander plekke, maar ek het die name vergeet.

HOF: Onthou jy miskien 'n plek soos King Williams Town? --
Nee.

AANKLAER: Wat was die vraag van die Hof? -- Ek het nie
gehoor nie.

Maar hoekom het jy geantwoord voordat mr. die Tolk
dit vir jou kon Tolk? -- Toe hy die vraag gestel het,
het ek gesê ek het vergeet.

Nee, ek praat nou van die Edelagbare. -- Ek het nie
gehoor nie, die vraag wat jy gevra het.

Nee, die edelagbare het mos ook 'n vraag gevra. --
Ek het nie daardie vraag gehoor nie.

Maar jy het hom geantwoord voordat mr. die Tolk dit
kon vertolk het. -- Ek het nie gehoor nie.

Nee maar jy sien, dit is presies wat ek wil weet. --
Ek vra dat die vraag weer aan my gestel word.

Nee, daarvan af wil ons voortbou.

HOF VERDAAG.

HOF: Ja, gaan voort. Die beskuldigde het nou so ver gekom
as Grahamstad op sy reis na die Transkei.

AANKLAER: Het jy nou tussen 1 en 2 bietjie gedink oor die
dorpe vanaf Grahamstad? -- Nee.

Kan jy nie onthou nie? -- Ek kan nie onthou nie.

Ken jy die plek bekend as Amakozi? -- Ek het al
gehoor van die woord Amakozi wat beteken Kafferland.

Weet jy waar dit is? -- Ek hoor maar die mense praat
van die naam Amakozi.

Weet jy nie waar Amakozi is nie? -- Nee, ek hoor
maar net die naam.

Ag maar kyk, die posisie bly tog dat Amakozi is die
Bantoe woord vir die Transkei. -- Ek weet nie of dit
in die Transkei Amakozi is nie, ek hoor maar net die mense
praat van Amakozi.

Maar jy het al gehoor van Johannesburg? -- Ek het gehoor maar ek weet nie waar dit is nie.

HOF: Het jy al ooit van die Kei-rivier gehoor? -- Ek het gehoor van oorkant die Kei.

AANKLAER: Kom ons handel dan oor die vraag wat die Hof jou net voor ete gevra het. Die Hof het 'n vraag gevra en toe antwoord jy die vraag. Is dit reg? -- Ek het nie die vraag gehoor nie.

Wat het jy dan toe geantwoord? -- Ek het die vraag geantwoord wat gevra is.

Kyk ek wil nou net vir die Hof vra as dit moontlik is of ons daarop kan beslis. Ek vra dat ons net daardie een enkele vragie terugspeel.

REKORD WORD TERUGGESPEEL.

AANKLAER: Ons het nou vir jou hierdie band teruggespeel. -- Ek het gehoor.

Ek wil hê jy moet bietjie harder praat. Skree as dit daarop aankom, dat ons nie lateraan moeilikheid het om jou stem te hoor nie. Het jy gehoor wat daar gesê was? -- Ek het gehoor.

Het jy gehoor dat die Edslagbare vra 'n vraag in Afrikaans? -- Ek het gehoor.

En het jy gehoor dat jy antwoord sonder dat dit getolk word? Nou goed, dan maak ons dit so. Het jy gehoor wat jy geantwoord het op daardie vraag? -- Ek het gehoor.

Wat was jou antwoord op die Hof se vraag? -- Ek het gesê ons is van Grahamstad af weg, ek vergeet die ander plekke se name.

Nee, ek het jou mos attent gemaak op die gedeelte waarna jy moes luister. Ek gaan dit nie daar laat nie. Ek gaan daardie ding vir die Hof vra om terug te speel tot vansand. Jy het net twee woorde gesê. -- Ek het seker vergeet wat ek gevra was.

Maar ek vra mos vir jou of jy gehoor het op die band.
-- Ek het net gehoor wat ek sê dat ons op Grahamstad

gekom het.

HOF: Maar julle het nie van Grahamstad terug gekeer nie.
-- Ons het deur Grahamstad gery.

Het jy gesê dat julle in die Transkei ingery het? --
Dit was in die aand gewees, ons wou die volgende môre weer
omdraai om by die werk te wees.

AANKLAER: Wat wou julle daar gaan doen het? Ek wil net dit
hoor. -- Ons het huisraad gaan wegbring.

Toe het julle die huisraad afgelaai? -- Dieselfde
nag afgelaai en die volgende dag voordag in Port Elizabeth
gekom.

Maar jy sê dit was in die Transkei? -- Ja.

Hoe het jy gewest dit is in die Transkei? -- Ek het
gehoor toe ons weggetrek het, hulle sê ons gaan nou Transkei
toe.

Ken jy 'n plek met die naam van Kingwilliamstown? --
Nee.

Nog nooit van hom gehoor nie.

HOF: Nog nooit die Bantoe naam vir Kingwilliamstown gehoor
nie? -- Ek het die naam Kingwilliamstown al gehoor.

Het jy nog nooit die woord gehoor van Econdwe nie?
-- Gehoor van die woord.

AANKLAER: Kan jy dit vir ons spel? -- Condwe, C o n d w e.

Het julle deur Peddie gery? -- Toe ons Grahamstad
verlaat het, was daar drank in die wa en ons het gedrink
en geslaap.

HOF: Het julle toe deur Oos-Londen gery? -- Ek weet
nie waar ons gery het nie. Ons het net gery tot by daar-
die plek, afgelaai en weer terug gekom.

Watter plek is dit waar julle afgelaai het? -- Ek
het die naam vergeet.

Die Bantoe naam? -- Dis haaltemal uit my gedagtes
uit. Ek was onder die invloed toe ons soontoe gegaan het.

AANKLAER: Was jy onder die invloed toe julle afgelaai het?
-- Almal was half dronk gewees.

Collection Number: AD1901

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court
Records 1958-1978**

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2012

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.